

'N WAARDERING VAN ULFILAS SE VERTALING VAN
DIE EERSTE HOOFSTUK VAN MARKUS SE
EVANGELIE, MET VERWYSING NA ENKELE ANDER
PLEKKE, 'N VERGELYKENDE STUDIE

DEUR

WILLEM DANIEL JONKER

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad van

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

PRETORIA

Januarie 1952

'n Woord Vooraf

Dit is vir my 'n eer om langs hierdie weg my dank oor te bring aan proff Louw, Kritzinger, Büning en dr H vd M Scholtz van die Afrikaanse en Nederlandse department, vir hulle belangstelling en hulp in verband met my studies. Ook noem ek graag die naam van prof TH le Roux by wie ek 'n hele paar jaar lank dmv lesings en private gesprek, veel kon leer.

Ook teenoor prof PV Pistorius is ek veel dank verskuldig vir sy onvermoeide ondersteuning en vir insiggewende wenke.

Dan noem ek graag die name van 'n paar persone wat my gehelp het met die verkryging van literatuur of wat my in ander opsigte tot hulp was: dr EL de Kock, mnre HS Theron en AC Sephton, asook die personeellede van die Merensky-biblioteek.

WD Jonker

Pretoria

Januarie 1952

INHOUDSOPGAWE

Paragraaf

1. Inleiding
2. Die weergawe van spesifiek-Griekse eienaardighede
3. Weergawe waarin grammatikale verskille met invloed op die sintaksis optree
4. Weergawe waar die begripsfeer nuut is en betekenisverskille
5. Weergawe met aanwending van stylmiddels
6. Woordorde, invoeginge en weglatinge

Besluit

Bibliografie

AFKORTINGS

- (1) Afkortings wat op die titels van werke betrekking het, verskyn in die bibliografie tussen hakies agter die naam van die werk.
- (2) Titels van tydskrifte:
 - i) Zeitschr. = Zeitschrift für Deutsche Philologie, Stuttgart, 1871.
 - ii) PBB. = Beiträge Zur Geschichte der Deutschen Sprache und Literatur (Paul und Braunes Beiträge) Halle, 1874.
 - iii) Neophilol. = Neophilologus, Groningen, 1915.
- (3) Verder is aangesluit by wat gebruiklik is in bekende taalkundige werke, vgl bv le Roux en le Roux, Middelnederlandse Grammatika.

PARAGRAAF I

INLEIDING

In die volgende bladsye word gehandel oor die vraag na die gehalte van Ulfilas se vertaling van Markus 1. Die norm wat aangelê word by die beoordeling van 'n vertaling is betreklik onomlyn, en kan in elk geval nie met 'n enkele woord aangedui word nie. Vir ons doel is dit voldoende om in die algemeen met die volgende te volstaan:

'n Goeie vertaler is iemand wat weens grondige kennis van die taal so goed ingedring het in die geestelike werklikhede wat deur die betrokke woorde aangedui word, dat hy dit in 'n ander taal opnuut voor die gees van dié hoorder of leser kan roep. Die denk- en gevoelsfeer wat aangedui is deur die woorde in hulle verbinding met mekaar, moet so na as moontlik ongeskonde oordra word in die taal waarin vertaal word. 'n Goeie vertaling sal dus (a) die sin van die oorspronklike so noukeurig moontlik weergee, maar só, dat (b) dit die eie karakter van die taal waarin vertaal word, tot sy reg kom. Tussen (a) en (b) bestaan 'n wesenlike verbondenheid.

Oor die beginsels van die vertaalkuns is reeds veel geskryf. 'n Uitvoerige behandeling daarvan bied P Valkhoff in sy artikel "Over Vertaalkunst" in *Taal en Letteren* 14, pp 65 vv. Vgl ook W Michaelis, "Übersetzungen, Konkordanzen und Konkordate Übersetzung des neuen Testaments", pp 413 414 ens; en ook die enigsins populêr geskrewe werk van EA Nida "Bible Translating", pp II vv.

Die vraag is dus in hoeverre Ulfilas die sin van Markus 1 reg vertolk het, en in hoeverre hy dit in suiwer got vertolk het.

Al dadelik staan ons voor onoorkombare moeilikhede. In die eerste plek weet ons min van got. Ons kennis daarvan is beperk tot die paar Bybelfragmente en enkele ander oorkondes¹. Die gegewens tot ons beskikking is dus so skraal, dat ons glad nie bevoeg is om noukeurig te bepaal wat die waarde van Ulfilas se vertaling is nie.

Vereers is ons vir verreweg die grootste gedeelte van ons kennis van got. Aangewese op vertaalde stukke, wat uit die aard van die saak blootgestel is aan die invloed van die gr. waaruit dit vertaal is. Verder is van belang dat in dié stukke juis dinge behandel word wat vir die vertaler heilig was. Dit bring mee dat hy so na as moontlik by die oorspronklike sou wil aansluit. Die moontlikheid van beïnvloeding word dus nog groter, veral as ons onthou dat die algemene opvatting in die tyd van Ulfilas was dat die ipsissima verba van die Bybel, eerder as die sententia, weergegee moet word.²

Bowendien was Grieks die heersende kerktaal van die dae. So 'n taal kom as vanself in die posisie om as "modeltaal" beskou te word. Die tyd toe Latyn kerktaal was en 'n geweldige invloed op ander tale uitgeoefen het, lê nie baie eeue agter ons nie. Dit is 'n bekende feit dat Latyn as "modeltaal" baie van die sogenaamde reëls van ons grammatikaboeke geïnspireer het – reëls wat alte dikwels vir die betrokke taal fantasties is.

Die stryd hierteen duur nog tot in ons tyd voort. Vgl JM Acket se studies in "De Nieuwe Taalgids" VI, pp 167–172 en V1, pp 248 vv. Vgl veral sy bytende opmerking oor die sogenaamde "tye van die werkwoord" op p 248. Vgl ook dr Meyer de Villiers "Woordsoorte, Werkwoorde en Tye", veral pp 18 vv en pp 137 vv.

¹ Vgl Eb, par 15–17. Vgl ook J Grimm: *Geschichte der Deutschen Sprache* (4) 1, pp 305 vv; Herman Hirt, *Gesch. der Deutschen Sprache*, pp 78 vv; Kluge in *Pauls Grundriss* (2) I, pp 497 vv; Ulfilas, pp IX vv.

² Vgl Friedrichsen I, pp 20–21. Vgl ook Michaelis, aw, pp 13 vv.

Die moontlikheid is dus daar dat ook Ulfilas sekere eiendommelikhede van gr. netso oorgeneem het, omdat hy gedink het dat dit in 'n taal behoort te bestaan. Oor die vraag of dit egter wel gebeur het, is ons nog onmagtig en feitlik totaal onbekwaam om te oordeel, omdat ons nie genoeg buite-Bybelse bronne het wat ons 'n ruimer blik op die got. taaleie kan gee nie.

Die groot mate van ooreenstemming tussen die got. vertaling en die gr. Teks is intussen onrusbarend. Vele het dan ook hierin genoeg rede gevind om die vertaling van Ulfilas te beskou as "Gothic words set to Hellenic syntax".³

Trouens, die moontlikheid dat dit so kan wees, is groot. Ulfilas was 'n biskop. Sy taal dra dus 'n spesifieke stempel. Sy huistaal was miskien gr.⁴ Sy opleiding was in gr. Onder sy hand het got. eers in die ware sin van die woord skryftaal geword wat die grootste en verhewendste gedagtes moes dra⁵. Ons kan niks anders verwag as dat die stof wat hy moes vertolk, die grense van die got. sintaksis soms verbreek het nie⁶. Die gevolgtrekking kan dus lig gemaak word dat die got. taaleie by Ulfilas se vertaling op die agtergrond getree het, en dat hy deurgaans eenvoudig by die gr. aangesluit het. As dit egter die geval was, moet ook die verborge sin wat in die gr. verborge lê, in die nagemaakte got. nie tot sy reg kom nie. Hoe klakkeloos die navolging van die vreemde taal, hoe onverstaanbaarder moet die vertaling wees. In so 'n geval is die verdienstes van die vertaler beslis gering.

Tog meen ons dat dit by die got. vertaling tog nie die geval is nie. Hoe groot die ooreenstemming met die gr. ook al op die oog lyk, daar kom tog 'n aantal gevalle voor waar die got. van die gr. afwyk. Terwyl ons in gevalle waar daar volkome ooreenkoms tussen oorspronklike en vertaling is, nie maklik kan besluit waar Ulfilas die gr. eenvoudig nagevolg het en waar sodanige konstruksie in got. moontlik was nie, kan ons by die verskille tenminste verwag om uitinge van die got. taaleie te ontdek. Daarom is dit raadsaam om by ons ondersoek na die waarde van Ulfilas se vertaling hoofsaaklik aandag te gee aan gevalle waar hy van die gr. teks afwyk⁷.

- (1) Dit spreek vanself dat dit hier hoofsaaklik sal moet gaan om die verskille wat in die sintaksis na vore tree, omdat dit daar die beste opgemerk word. Nogtans sal ook die betekenisverskille wat die gevolg is van verskil in woordkeuse ens in aanmerking geneem word.
- (2) Dit moet onthou word dat ons nie weet watter gr. manuskrip Ulfilas gebruik het vir sy vertaling nie. Met die "Vorlage" van Streitberg se "Die Gotische Bibel" (2e druk, 1919) is die moontlikheid dat ons min of meer die gr. teks herstel het, aanmerklik vergroot⁸. Die laaste woord oor die saak is egter nog lank nie gespreek nie. Friedrichsen het heelwat besware daarteen en stel 'n hele aantal wysigings daarvan voor (I pp 9, 249 vv) Die moontlikheid dat baie wat reeds in die verband gedoen is, foutief is, is nie uitgesluit nie. Absolute sekerheid kan oor die saak nie verkry word nie. In hierdie studie gaan ons nogtans van Streitberg se Vorlage uit.

Literatuur: E Bernhardt: Ein Beitrag zur Geschichte des Textes der gotischen Bibelübersetzung; (Zeitschr 2, pp 294 vv) en Die Gotischen Handschriften der Episteln) (Zeitschr. 5, pp.186 vv) Kauffmann: Beiträge zur Quellenkritik der gotischen Bibelübersetzung, (Zeitschr. 19, pp 306 vv; 30, pp 145 vv; 31, pp 178 vv; 32, pp 305 vv; 35, pp 43 vv).

³ Friedrichsen I, p 17; Vgl van der Meer I, p V en 'n opsomming van standpunte in die verband by Stolzenburg, pp 145 vv.

⁴ Vgl Wright, p 195, Eb, p 11.

⁵ Vgl oa Bernhardt, Vulfila, p XXV.

⁶ Lenk, Syntaksis der Skeireins, p 241.

⁷ Dis 'n algemeen aanvaarde beginsel, vgl Eb, par 234; Zeiss, Zeitschr, 35, p.120 ens.

⁸ Vgl Kapteijn, IF, pp 260vv.

Ook uit die verskille tussen die got. in die gr. teks kan slegs met die grootste versigtigheid bepaal word wat werklik got. taaleie is. Ook hier is die bodem soms onseker. Die verskille het daarom slegs relatiewe waarde. In die eerste plek wel omdat ons volstrek nie seker is watter gr. teks Ulfilas gebruik het nie. Die invloed van ou vertalings (met name die Itala)⁹ en foute of opsetlike wysigings van die afskrywers afkomstig, kon verantwoordelik wees vir sommige van die verskille. Ook is die invloed van randglosse en parallelle tekste nie denkbeeldig nie¹⁰.

Aan die anderkant is dit netso seker dat ons op baie plekke waar daar geen afwyking van die gr. voorkom nie, tog suiwer got. konstruksies het. Twee voorbeelde uit ander tale mag hier insiggewend wees. Dit is 'n bekende feit dat daar in die verlede glad te veel gemaak is van die Semitiese invloed op die gr. van die Nuwe Testament. So is $\epsilon\nu$ + dat. as die uitdrukking van die instrument lank beskou as 'n Semitisme, omdat die gebruik van $\epsilon\nu$ (vir in sowel as deur, instrumentaal) in Hebreeus. Latere ondersoekings het egter aan die lig gebring dat $\epsilon\nu$ instrumentale voorsetsel in die Koine algemeen bekend was, ook waar daar nie Semitiese invloed aanvaar kan word nie. Sulke voorbeelde kan vermenigvuldig word¹¹.

Die tweede geval neem ons uit die Statevertaling. Daar lees ons in 1 Konings 14:22 dat Israel die ywer van God verwek het "met hunne zonden, die zij zondigden". Dit is 'n geval van 'n figura etymologica, netsoos bv in Job 3:25, wat presies beantwoord aan die Hebreeuse teks. Wil dit nou sê dat die State-vertalers hier die Germaanse taaleie prysgegee het en die Semitiese klakkeloos navolg? As ons geen ander voorbeelde van die gebruik van die figura etymologica in buite-Bybelse Nederlands gehad het nie, sou ons dit waarskynlik aanvaar het. Intussen is die figuur egter in Afrikaans goed bekend en kom dikwels in "Van den Vos Reynaerdt" voor, bv "Doe ghinc hi enen snellen ganc te critewaert"¹². Al wat in sulke gevalle miskien wel gesê kan word, is dat die invloed van die Hebreeus die gebruik van so 'n reeds bekende konstruksie uitgebrei het. Dit is uiters waarskynlik dat hierdie gevalle analogieë is van baie konstruksies in got. wat weens die ooreenstemming met gr. in twyfel gebring is. Al let ons dus ook noukeurig op die verskille tussen got. en gr. in die vertaling, sal ons in die loop van hierdie studie telkens ook moet terugkom op gevalle waar soms feitlik met sekerheid gekonstateer kan word dat ons in hulle egte got. konstruksies moet sien.

'n Sekere tipe van verskil hang saam met die got. taalstruktuur. So het got. geen middel om 'n gr. passiewe werkwoord wat in die verlede tyd staan mee weer te gee nie, behalwe deur omskrywing. Dit sou egter naïef wees om in hierdie vorm van omskrywing 'n geniale uitdrukking van die got. taaleie te vind wat sou bewys dat Ulfilas die gr. nie slaafs nagevolg het nie. Ulfilas kon egter nie anders nie, netso min as wat hy anders kan as om $\epsilon\gamma\omega$ met ik weer te gee. Die saak staan egter anders wanneer hy uit sy pad moet gaan om uit sy gotiese taalmateriaal middele te vind om 'n besondere vorm van gr. wat nie in got. bestaan nie, weer te gee, of om 'n gr. eienaardigheid op 'n sinvolle wyse oor te dra.

Hierdie tipe verskil wat opkom uit die verskil in taalmateriaal, het waarde. Gr. het 'n groter vorm-rykdom as got. en die wyse waarop Ulfilas got. soms moet knie om die vorm-rykdom te kan vertaal, is insiggewend.

In die volgende bladsye sal ons dan eers let op die weergawe van spesifiek-gr. eienaardighede, en daarna op die grammatikale verskille wat bestaan tussen die gr. teks en die got. vertaling. Dan sal ons moet nagaan hoe sy weergawe is in gevalle waar die begripsfeer van die evangelie vir die Goot nuut was. Eindelik sal ons moet let op die vraag of

⁹ Vgl ondermeer genoemde artikels van Kauffmann; Friedrichen I, p 8; Bernhardt, Vulfila, pp XLVIII – XLIX.

¹⁰ Bernhardt, Vulfila, p XLVI; Friedrichsen I, p 47.

¹¹ Vgl Moulten, p12; Greydanus, p 103; Lenk. aw, p 304.

¹² Reinhardt, II 6898. Vgl vir talle voorbeelde en 'n goeie beeld van die algemeenheid van die gebruik: Verwijs en Verdam, Middelnederlandse Woordenboek, svs.

Ulfilas bepaalde stylmiddels aangewend het in sy vertaling, en op die vraag na woordorde, invoeginge en weglatinge van die vertaling.

Markus 1 is om geen bepaalde rede gekies as voorwerp van hierdie studie nie. Enige ander hoofstuk sou met eweveel vrug ondersoek kon word. Wat dus van ons hoofstuk gesê sal word, sal in 'n sekere sin ook van toepassing wees op andere. Nogtans wil ons baie sterk daaraan herinner dat enige resultaat waartoe ons hier sal kom, uit die aard van die saak in die eerste plek vir Markus geld, en soms miskien slegs vir Markus 1.

PARAGRAAF II

DIE WEERGAWE VAN SPESIFIEK-GRIEKSE EIENAARDIGHEDEN?

Met spesifiek-Griekse eienaardighede word hier sekere verskynsels bedoel wat vanuit die standpunt van got. (of enige Germaanse taal) net aan gr. eie is, dws nie ook aan die Germaans nie.

1) Die Werkwoord bied al dadelik 'n aantal verskynsels wat hier ter sprake moet kom.

a) Van die idg. vormrykdom het gr. baie meer oorgehou as got. Wat die sg “tye” van die werkwoord betref, is daar in got. net twee aan te toon: 'n praesens en 'n praeteritum¹³. Gevolglik moet Ulfilas meer as een vorm van gr. met dieselfde vorm in got. weergee. Die praeteritum gee daarom die gr. Imperfektum weer (Markus 1:21, *laisida, ἐδίδασκεν*; Markus 1:35: bath, *προσηυχετο* ens), soms die aoristus: (*qam, ηλθεν*, Markus 1:14; *qath, ειπεν*, v 17; haihait, *εκαλεσεν*, v 20, ens), die perfektum (qam, *εξεληλυθα*, v 38 en in Markus 15:10 selfs die plusquamperfectum atgebun, *παραδεδωκεισαν*.)¹⁴

Die got. praes. vertaal in die reël die gr. praes. maar moet ook diens doen as futurum¹⁵ (v 1:8 daupeith, *βαπτισει*). Die futurum kan ook deur omskrywing uitgedruk word, maar daarvan kom geen voorbeelde in Markus 1 voor nie¹⁶. Op die wyse waarop Ulfilas die aspek aangewend het om die ontbrekende futurum-vorm te vervang, kom ons later terug.

Got. het net twee selfstandige vorme vir die passief; die praes. indikatief en optatief (Daarvan kom geen voorbeelde in Markus 1 voor nie.). Al die ander passiewe en mediale vorme van gr. moet omskryf word. Vir die Medium doen die werkwoorde op -nan en ander intransitiewe soms diens. (v 15 *usfullnoda, πεπληρωται*) Verder word die ontbrekende vorme aangevul deur omskrywinge met wairthan en wisan met die participium praet. (v 5 daupidai wesun, *εβαπτιζοντο*; v 9: daupiths was *εβαπτισθη*; v 14 afar thatei atgibans warth, *μετα το παραδοθηναι*). Soos uit die laaste voorbeeld blyk, kan selfs die gr. infinitief passief eenvoudig deur omskrywing weergegee word¹⁷.

In al hierdie gevalle was Ulfilas dus verplig om met die materiaal tot sy beskikking die gr. vormrykdom weer te gee. Alhoewel ons kan opmerk dat hy dit met oorleg gedoen het, lewer dit tog geen, bewys van 'n doelbewuste handhawing van die got. taaleie nie. Die saak staan egter anders wanneer ons opmerk dat hy die gr. historiese praes. op enkele uitsonderings na, steeds met die praet. weergee. (vgl v 12, 30, 37, 38, 40, 41, 44). Waar in vele van die bogenoemde gevalle nie anders kon as om bv te omskryf nie (bv die passief praet.), kon hy hier tog, ewegoed die praes. gebruik het. Dit sou ook nie on-Germaans wees nie. Nogtans verkies hy om die historiese praesens, wat besonder karakteristiek van Markus se evangelie is, met die praet. te vertaal¹⁸. Dit bring soms 'n verander in tempo mee. Vgl bv v 30: *και ευθεως λεγουσιν αυτω* met jah suns gethun imma bi ija. Markus is besonder lief daarvoor om die snelle gang van gebeurtenisse voor te stel (vgl die herhaalde *ευθεως*)¹⁹ wat 'n

¹³ Vgl Ulfilas, par 103; Braune, par 167 vv.

¹⁴ Vgl Ulfilas, par 230; Grimm DG IV, pp 139, 148 het al geklae oor die spaarsaamlikheid van die germ. “tye”.

¹⁵ Eb, par 300; Ulfilas, par 231. Dieselfde verskynsel kom ook in gr. voor, vgl v 7 *ερχεται* qimith.

¹⁶ Vgl egter Kieckers, par 165; Eb, par 301 vv.

¹⁷ Vgl verder Eb, par 285; Ulfilas par 228

¹⁸ Vgl Grimm, D.G. IV p 140; Wright, p 191; vgl verder Moulten, pp 120vv; Dana-Mantey, p 185.

¹⁹ Prof Groenewald, Markus, p 31.

lewendingheid aan sy sty1 gee²⁰ en veral deur die praes. uitgebring word. In die got. tree die snelle tempo nie so sterk na vore nie. In Ulfilas se weergawe van die gr. historiese praes. kan ons dus iets opmerk 'n got. eie-klank²¹.

b) Ook ten opsigte van die modi het got heelwat minder vorme as gr. Naas die Indikatief kom die Optatief en die Imperatief voor. Die Imperatief kom slegs in die praes. voor, en staan dan meestal teenoor die gr. aor. imper. (bv v ετοιμασατε manweith; v 25 εξελθε usgagg)²². In vers 33 kom 'n vorm voor van die eerste persoon pluralis van die imper. (gaggam)²³, en in vers 17 'n dualisvorm, (hirjats) selfs afwykend van die gr. meervoudsvorm δευτε het²⁴. Die gr. van die NT het die dualis heeltemal in onbruik gelaat²⁵. Die dualis word net aangewend wanneer daar van 'n bymekaarhorende “paar” sprake kan wees. Ulfilas het hier by die “broeder-paar” dus die dualis volkome op sy plek aangewend. In Markus 12:7 gee hy δευτε weer met Hirjith (mv) omdat dit op die γεωργοι, boere, slaan. Hier vind ons dus weer 'n baie duidelike bewys van Ulfilas se keurige wyse van vertaling.

Die got. Optatief het ook die funksies van die Subjunktief oorgeneem, en gee dus die gr. Subjunktief weer, vgl v 44 waar dit 'n negatiewe bevel uitdruk: saikw ni qithais waiht (ειπης). Die werkwoord wiljan het in die praes. net 'n optatiewe vorm, wat ook as Indikatief optree²⁶ (vgl v 41: wiljau θελω) Dit kan egter ook die optatiewe krag behou, en staan dan teenoor 'n gr. subjunktiewe vorm. (v εαν θελης jabei wileis)²⁷. Bernhardt is van mening dat ook wiljau nog sy optatiewe betekenis behou het = “ich möchte wählen”²⁸. In v 27 gebruik Ulfilas 'n Optatief om die gr. Indikatief mee weer te gee: hwa sijai thaa? τι εστιν τουτο; Hierin het ons maar net 'n voorbeeld van die selfstandige wyse waarop Ulfilas in sy weergawe van die gr. modi te werk gaan.

Kapteijn, p 321 sê: “Während der Uebersetzer in der Wiedergabe des Genus und Tempus eng an seine Vorlage gebunden war, bot sich auf dem Gebiet des Modus eine Gelegenheit, seiner Uebersetzung ein persönliches Gepräge zu verleihen” Dit word deurgaans deur wetenskaplikes bevestig, vgl die aangehaalde artikels van Bernhardt en Delbrück, en O Erdmann (res), F Burckhardt: Der gotische Conjunctiv verglichen mit den entsprechenden Modis des neutestamentlichen Griechisch, Zeitschr. pp 455 Burckhardt neem aan dat die optatief vir alle modi en tempora in die gr. gebruik word, en lei daaruit af “dass er (Ulfilas) die alledings beschränkte Zahl der Verbalformationen die ihm zu Gebote stand, in freier Auswahl nach dem Sinne, in dem er jede Schriftstelle auffasste, verwandte.” Alhoewel Erdmann nie so gunstig oor die werk oordeel nie, heg hy sy goedkeuring aan die werk van Köhler, Der syntaktische Gebrauch des Optative im Gotischen (Barthsch Germanistische Studien I) waarin ook deurgaans uitgegaan word van die selfstandigheid van Ulfilas se modusgebruik (Zeitschr, 5, pp 212 vv) Vgl ook Lenk, pp 254 vv en Eb, par 305 vv.

c) Aspek (Aktionsart.)

Die Aspek is ongetwyfeld een van die gr. eienaardighede wat die moeilikste in 'n Germaanse taal oorgebring kan word. Dit is nie die geval omdat die Germaanse tale nie gedurig

²⁰ Sands, Literary genius of the NT p 20 vv.

²¹ Vgl Eb, Par 299 en Friedrichsen I, p 18.

²² Vgl Ulfilas, par 238 vv. Vgl Boer, Oergermaansch Handbook, p 275 vv.

²³ Braune, par 167, 3 en 169.

²⁴ Grimm, D. G. p 83; Braune, par 187, 4.

²⁵ Vgl Moulten, p 57.

²⁶ Braune, par X?? (teks onduidelik GJD) 205

²⁷ Vir die Optatief in voorwaardelike sinne, vgl Delbrück, Der Germ. Opt. im. Satzgefüge, PBB 29, p 257vv. en E. Bernhardt, Der Gotische optativ, Zeitschr. 8, pp 22 vv.

²⁸ Ald. p.8.

uitdrukking aan aspek gee nie, maar omdat gr. oor 'n ryke aantal vorme beskik wat feitlik elke skakering in die handeling wat in die werkwoordstam genoem word, kan uitdruk. Ook hier is die Germaanse taal armer aan vorme en daar moet dikwels van omskrywing gebruik gemaak word.

Aspek was in idg. 'n faktor van besondere gewig²⁹. Die begrip aspek of Aktionsart is baie ouer as die begrip tyd. In die idg. werkwoord gaan dit naamlik in die eerste plek daarom om aspek uit te druk. Eers later moes dieselfde vorme ook uitdrukking aan die tyd (Zeitstufe) gee.

- (1) Aspek word deur die Duitse geleerdes gedefinieer as “Der Art und Weise, wie die Handlung vor sich geht”. (Vgl oa Brugmann, Streitberg Kieckers). Dr Scholtz (aw, p 153 noem dit “die gesigspunt vanwaar uit die handeling wat neergelê is in die stam van die werkwoord beskou en voorgestel word, afgesien van die tyd waarin of die wyse waarop dit plaasvind.” Sy toevoeging van “die wyse waarop” lyk egter minder gelukkig, omdat dit by die aspek terdeë ook gaan om die wyse waarop iets plaasvind, vgl onder andere iteratiewe aspek.
- (2) Die vraag of daar tussen moet word tussen aspek en Aktionsart moet ontkennd beantwoord word, vgl Pollak, Ueber Aktionsarten, PBB 44, pp 388.

In meerdere of mindere mate is die oorspronklik toestand van idg. op die dogtertale oorgedra. In Slawies kom dit die duidelikste na vore. In gr. is veel van die oorspronklike toestand bewaar. Tog het die vermenging van “tyd” en “aspek” ook daar reeds ingetree. Oor die algemeen kan ons egter sê dat die gr. “tye van die werkwoord” meer uitdrukking aan aspek as aan tyd gee³⁰. Eers in die tweede instansie word uitdrukking aan tyd gegee.

Ook in Germaans werk die oorspronklike toestand na. Al het Germaans nie afsonderlike vorme wat uitdrukking aan aspek gee nie, is dit dikwels veel meer daarin geïnteresseer om aspek as tyd uit te druk³¹. Volgens die vasstelling van Streitberg en andere na hom, was die aspek 'n lewende faktor in got.³².

A Beer (Beitrage zur Gotischen Grammatik I, gawisan, PBB 43, pp 446 vv) meen in onder rigting te moet beweeg. Hy probeer om deur voorbeelde aan te haal die juistheid van Streitberg se opvatting te loën. Die juistheid van Streitberg se uiteensetting is egter so voor die hand liggend dat dit nie betwyfel kan word nie. Vgl ook Friedrichsen I p 48; Eb, par 290 en Feist, Vergl Wtb. onder -ga.).

Die belangrikste soorte aspek is wel die volgende vier:³³

- 1) Duratiewe aspek wat die ononderbroke duur van die handeling aandui.
- 2) Perfektiewe aspek wat die handeling voorstel “im Hinblick auf den Augenblick ihrer Vollendung”³⁴.
- 3) Iteratiewe aspek wat die handeling aandui as iets wat gedurig herhaal word of uit 'n aantal herhaalde enkelhandelinge bestaan. Dit kan afgesluit wees of nog aan die gang. Terwyl

²⁹ Vgl Hirt, Geschichte der Deutscher. Sprache pp 34; Streitberg, Urgermanische Grammatik, par 190; Pollak, Studien zum Germanischen Verbum, 1: Ueber Aktionsarten, RBB. 44 pp 353 vv. Brugmann, GG, par 537; Scholtz, Taal en Taalverskynsels, pp 153; Lindroth, Zur Lehre van der Aktionsarten, RBB 31, pp 239 vv.

³⁰ Vgl Moulten, pp 109 vv; Brugmann, GG, ald; Grosheide, p 1; Dana-Mantey, p 177; Blaszc-Debr. par 318 vv. Tyd kom per se in die gr. net by die indik., fut.ptc. (soms) en fut.inf. voor.

³¹ Pollak, PBB, pp 390 vv. Vgl Meyer de Villiers, aw pp.137 vv.

³² PBB 15, pp 70–80, 176. Friedrichsen I, p 46; Kieckers par 164.

³³ Hierin sluit ek aan by Kieckers, par 164.

³⁴ Streitberg, IF 24, 311 vv; Eb, par 294.

gr. nog die iteratiewe aspek ken, kan got. dit nie meer deur 'n aparte vorm uitdruk nie³⁵.

Die Perfektiese aspek wat aansluit by die idg. perfektum en die handeling aandui “im Zustand des Vollendet seins”³⁶.

Die perfektiewe aspek kan weer nader aangedui word. as ingressief-perfektief (die perfektivering van 'n moment aan die begin van die handeling), duratief-perfektief (nadruk val op handeling wat sodanig plaasvind, d.i. duur, dat dit 'n einde sal hê, uitslaap, deurboor, en effektief-perfektief (uitdrukking van die voltooiing van 'n moment aan die einde van die handeling.)³⁷.

- (1) Weens die groot verskil van terminologie by die Germaanse en Griekse Taalkunde merk ek net hier op dat perfektief hier niks te doen het met perfekties nie. Perfektief kom hier min of meer ooreen met die Aoristiese aspek van gr. (Kyk onder Perfektiewe Aspek”) Streitberg noem nie altyd die Perfektiese aspek in sy uiteensetting nie (vgl Eb, par 292v en PBB 15, pp 70 vv) Tog meen ek dat dit noodsaaklik is om die term te gebruik. Vgl ook H van Swaay: “De Actionsart en de Prefixen” Taal en Letteren 13, pp 511 vv.
- (2) Streitberg noem ook nog die inchaotiewe aspek wat in got. voorkom. (Eb, par 292). Die neiging om hulle te perfektiveer is egter baie sterk, en hulle val feitlik saam met ons groep “ingressief-perfektief.”

Oor die algemeen kan ons sê dat die duratiewe aspek in got. deur die eenvoudige, onsamegestelde werkwoord uitgedruk word, met die uitsondering van 'n aantal enkelvoudige werkwoorde wat op grond van hul betekenis van nature perfektief is. Die perfektiewe aspek word uitgedruk deur die samegestelde werkwoorde³⁸.

Gerieflikheidshalwe moet ons onder “samegestelde werkwoorde” hier ook die afgeleide werkwoorde wat dmv prefikse (meestal ga- en fra-) gevorm word, insluit.

Waar gr. oor 'n hele verskeidenheid van vorme beskik om die aspek uit te druk, het got. net die een middel. Waar dit nie kan voldoen nie, moet van omskrywing gebruik gemaak word.

Markus 1 bied 'n insiggewende voorbeeld van hoe Ulfilas die gr. aspek met die middele tot sy beskikking tot uitdrukking probeer bring.

(I) Duratiewe Aspek

Die ononderbroke duur van die handeling word in got. in die reël met die onsamegestelde werkwoord uitgedruk. In die volgende gevalle gee die gr. duratiewe aspek weer:³⁹

(a) Praes. indik.

V 11 εἰ – is; v 24: οἶδα – kann; v 37: ζητουσιν – sokjand, ens.

b) Praes. infin.: v 34: λαλειν rodjan, ens.

c) Praes. ptc.: v 14: κηρυσσων – merjands, v 16: παραγων – hwarbonds, v 19, 40 ens.

d) Praes. imper: v 15 μετανοιετε – idreigoth, v 44 ορα saihw.

e) Imperfektum: v 7: εκηρυσσεν merida, v 13: διηκονουν -andbahtidedun, v 13, 16: ην, ησαν: was, wesun, v 32: εφερον – berlun, ens vgl v 34, 35, 45 ens.

Naas hierdie voorbeelde wat logies en deursigtelik is, kom daar 'n aantal ander gevalle wat

³⁵ PBB 15, pp 170–173.

³⁶ Streitberg, Ugermanische Grammatik, par 191. Vgl Kieckers par 164, 4.

³⁷ Vgl Scholtz, Taal en Taalverskynsels, pp 158–9.

³⁸ Friedrichsen, I, p 46; Eb, par 293 en 296; Moulten, pp 111 vv.

³⁹ Vgl Moulten, pp 108–151, Brugmann, GG, par 541 vv; Dana-Mantey, p 178.

ons aandag verdien.

1.) Die sogenaamde perifrastiese imperfektum⁴⁰ kom in ons hoofstuk twee keer voor: v 22: ην διδασκων, vs 39; ην κηρυσσων. In albei gevalle word dit deur Ulfilas weergegee met -was + praes.ptc.⁴¹ was laisjands, was merjands. Hierdeur word die duur van die handeling wat in die ptc. genoem word, sterk beklemtoon. Sonder twyfel volg Ulfilas die gr. hier na,, omdat hy gevoel het dat 'n gewone praet. nie die idee van duur so sterk sou kan weergee as die perifrastiese konstruksie nie. Die perifrastiese imperf. druk dikwels 'n gewoonte uit, en die duur word daarin weer sterker beklemtoon as in die gewone praet. wat die betekenis-skakering nie noodwendig insluit nie. So kan was merjands se dat Christus 'n lang tyd besig was om te preek, die gewoonte gehad het om te preek, wat merida nie noodwendig sê nie.

Die idee van duur is so sterk dat die ptc. soms as 'n s.nw. vertaal kan word. Vgl bv Markus 2:18 waar νηστευοντες as vasters vertaal kan word. Ulfilas sê wesun fastandans.

Heeltemal na analogie van hierdie gevalle vertaal Ulfilas in v 4 was loannes daupjands vir εγενετο ιωαννης βαπτιζων. Nou is dit tog baie duidelik dat die gr. hier iets anders sê (al gee die Statevertaling dit ook presies nes die got. weer!) As εγενετο βαπτιζων και κηρυσσων as 'n eenheid geneem moet word, (vgl Markus 9:3 τα ιματια εγενετο στιλβοντα), dui dit die beginpunt van die handeling aan⁴², en moet vertaal word: Johannes het begin doop en preek. Maar dan is Ulfilas se vertaling onjuis, want hy gee die geheel weer as duratief, terwyl dit dan eintlik ingressief-perfektief sou moet wees! Die gr. vereis hier egter dat εγενετο ιωαννης selfstandig geneem moet word, dws in die sin van extitit loannes en die deelwoorde daarna dien as attribute⁴³. Die deelwoorde is dan voorbeelde van die sg. "appositiewe deelwoord"⁴⁴, wat eintlik as 'n bywoord optree en die handeling in die hoofwerkwoord nader aandui. As Ulfilas v 4 enigszins sinvol en volgens die gr. wou weergee, moes hy εγενετο vertaal het soos in v 11: gam⁴⁵. Gering vermoed dat die deelwoorde ook in got. as appositiewe geneem moet word⁴⁶, maar dan bly die vertaling, was +tw. dw. suiwer duur uitdruk, meer 'n toestand as 'n handeling⁴⁷, – wat tog 'n vreemde weergawe is.

As Ulfilas die gr. nie goed begryp het nie, en dus klakkeloos woord na woord vertaal het, sou ons warth verwag het in plaas van was. Dis egter beter om aan te neem dat die lesing wat tans in ons Vulgaat staan, Ulfilas voor die gedagte gesweef het en toe ingesluip het. In Latyn is die lesing toelaatbaar (fuit Joannes in deserto baptizans) maar in got. gee dit 'n sin wat ver afwyk van wat in gr. staan.

2) In v 8 vertaal daupja die gr. εβαπτισα en daupeith weer βαπτισει. Die verskil wat daar in gr. tussen die aor. en fut. bestaan, word dus nie deur got. uitgedruk nie. In die gr. vorme lê albei die punktuele (aoriatiese, perfektiewe) aspek opgesluit terwyl in got. eerder die duur beklemtoon word. Dit kan gebeur omdat die kontras in hierdie vers nie tussen die aoristus en futurum is nie, maar tussen die handeling van Johannes en Jesus (vgl μεν ... δε) . As ons ons dus voorstel dat hier(lie teëstelling baie sterk in Ulfilas se gedagtes was, dan begryp ons nie net alleen die gebruik van die praes. nie, maar kan ons ook goedsikks aanneem dat sy kennis van die parallele (Matteus 3:11, Lukas 3:16. Johannes 1:26) bygedra het tot die onbewuste

⁴⁰ Ons laat die vraag buite rekening of dit van Semitiese invloed getuig, vgl Moulton, pp 225 vv; Goodwin, Syntax of Greek Moods and Tenses, par 45, 46 en Eb, par 223.

⁴¹ Grimm, DG IV, p 5.

⁴² Blaszc-Debr. par 354; Grosheide, par 269, 1.

⁴³ Winer I, p 367. Vgl Exp Gr. Test. p 342, Winer II, p 440 en AV.

⁴⁴ Gering, Zeitschr. 5, p 392.

⁴⁵ Volgens Streitberg is die vertaling van v 11 in ooreenstemming met die oud-latynae mss. a. f. Ook in Markus 4:17, Johannes 6:19 en elders is εγενετο weergegee met gam. Vulgaat: facta est.

⁴⁶ Aw, p 425.

⁴⁷ Aw, p 423, Winer I, p 365. Vgl Bernhardt: Gloss, p 315.

keuse van die vorm⁴⁸.

3) Ons het reeds hoër opgemerk dat die iteratiewe aspek nie meer in got. deur 'n aparte vorm uitgedruk kan word nie. In v 45 lees ons iddjedun as 'n vertaling van gr. ηρχοντο. Streitberg⁴⁹ gaan van die standpunt uit dat ερχεσθαι steeds die bereiking van die doel, “der endpunkt der handlung des gehens” uitdruk. Ερχεσθαι, meen hy dan, kan nie deur gaggan vertaal word nie en waar dit tog geskied, soos in Markus 1:45, vind 'n verandering van betekenis plaas. Dit bestaan daarin dat die got. ww. duur uitdruk, terwyl. daar in die gr. ww. perfektiewe aspek opgesluit lê.

Dit kan egter nie waar wees nie. Ερχεσθαι druk eenvoudig duratiewe aspek uit netso goed as gaggan, vgl bv die tw. dw. ο ερχομενος (Matteus 3:1, Johannes 1:15 ens) In die imperfektum (soos hier) druk dit iteratiewe aspek uit, en sê dus dat hulle gedurig na Christus gegaan het. Friedrichsen meen nou dat die praet. iddjedun “is quite in keeping with the Greek imperfect, and renders the iterarive aspect of the verb”⁵⁰. Maar dis ook nie waar nie. Got. druk hier blote duur uit, niks meer nie. As Ulfilas die iteratiewe aspek tot uitdrukking wou bring, sou hy dit moet omskryf het. moontlik het die gevoel van eerbied vir die Heilige Skrif hom daarvan weerhou. Soos dit nou egter in die got. staan, beteken dit “hulle was steeds op pad”.

II. Perfektiewe Aspek.

(a) Die verband tussen die gr. aor. en die got. perfektief

In idg. het die aoristus perfektiewe aspek besit⁵¹. Ook in gr. was die perfektiewe betekenis in die ouer taal nog oorwegend, en voorbeelde daarvan is ook nog in die later gr. aan te toon. Dit blyk bv nog daaruit dat sekere duratiewe praesensstamme nie in die aoristus wil optree nie en baie aoristusvorme weer geen praesens het nie. Vandaar die verskynsel van die sogenaamde “onreëlmatige werkwoordstye” in gr.⁵²

Hierdie toestand het egter in gr. nie bly voortbestaan nie. Uit die suiwer perfektiewe betekenis het die konstatierende ontwikkel⁵³. In die NT gr. druk die aor. momentele (soms genoem punktuele) aspek uit. Dit dui slegs 'n enkele punt in die handeling aan, of liever, die handeling word as 'n moment voorgestel⁵⁴.

Die gr. aor. is in sy wese momenteel, maar die moment mag wees

- 1) die beginpunt van die handeling, dws inchoatief (ingressief) bv εβασιλευσεν hy het koning geword; of
- 2) die endpunt van die handeling, dws effektief-aoristies, bv εβαλεν; hy het getref, (teenoor βαλλει hy gooi, duratief); of
- 3) die saamvattende moment waarin die ganse handeling sonder aandag aan die duur te gee, saamgevat word, word, dws kompleksiewe of konstatierende aoristus: εβασιλευσεν δεκα ετη sy regering was tien jaar.

Vgl Blaszk-Debr, par 318 I. Vgl Moulten, pp 129 vv.

By die got. perfektief word, soos reeds vroeër opgemerk, die aandag ook by die moment bepaal, want dit druk die handeling uit “im Hinblick auf den Augenblick ihrer Vollendung”

⁴⁸ Vgl Streitberg, GB t.p.

⁴⁹ PBB 15, p 94.

⁵⁰ Friedrichsen I, p 55.

⁵¹ PBB 15, p 139. Onthou dat perfektief hier niks met die perfektum te make het nie. Vgl Moulten p 111, Noot.

⁵² Moulten, pp 108 vv; Blaszk-Debr. par 318 vv.

⁵³ PBB 15 p 141 waar die logiese van die oorgang uiteengesit word. Vgl Dana-Mantey, p 193.

⁵⁴ Blaszk-Debr. par 318, 1.

(Streitberg).

Ook hier kan die moment aan die begin of einde van die handeling wees. (effektiewe en ingressiewe perfektief)⁵⁵. Die kompleksiewe aor. word deur Ulfilas eenvoudig duratief weergegee – vgl Johannes 10:40 και εμεινεν εκει jah salida jainar. In Johannes 7 v 9 het daar blykbaar 'n begrip verwarring ingetree, want ταυτα δε ειπων αυτοις εμεινεν εν τη γαλιλαια word weergegee: thatuh than qath du im wisands in Galeilaia. Die verkeerde werkwoord is in die deelwoord gestel. Gevolglik kan ons uit hierdie plek i.v.m. sy weergawe van die kompleksiewe aoristus niks wys word nie.

Die verband tussen die aor. en die got. perfektief is dus baie nou, al dek hul mekaar nie geheel nie⁵⁶. Volgens Streitberg word die verband tussen hulle nog nouer deurdat in die got. ook reeds spore daarvan te vind is dat die perfektiewe krag begin verbleek om plek te maak vir die konstaterende⁵⁷.

Die augment by die gr. aor. indik. akt. toon daarop dat die aor. tog enigermate as 'n verlede tyd gevoel word⁵⁸. Daarom word dit dikwels weergegee deur die got. perfektiewe praeteritum. (εθεραπευσεν – gahailida v 34.)

b) In Markus 1 vind ons die volgende toestand:

Die gr. aor. indik. akt. word weergegee deur die got. praet.; indik. akt. met perfektiewe aspek. Soos vroeër opgemerk, is samestelling, waarby ons gerieflikheids-halwe ook afleidinge met prefikse insluit, die middel tot perfektivering, behalwe waar die ww. reeds van nature perfektief is.

1. Afleidinge dmv -ga. (Hoe kleurloser die voorvoegsel deur middel waarvan die afleiding plaasvind, hoe duideliker tree die perfektiewe karakter daarvan na vore. Ga- en fra- is reeds baie kleurloos, en dien hoofsaaklik tot perfektivering.)⁵⁹

v 10 usgaggands us thamma watin gasahw usluknaus himinaqs – αναβαινων εκ του υδατος ειδεν σχιζομενους τους ουρανους – dws Hy het die hemel geopen bemerk⁶⁰. Op dieselfde wyse word gasahw gebruik in v 16, 19. So gahailida vir εθεραπευσεν (v 34), galithun (v 19, 20) ens in v 32 staan than gasagg sauil vir οτε εδυσεν ο ηλιος. Die moment van sonsondergang word hier beklemtoon (effektief-perfektief of effektief-aoristies) teenoor than saqq sunno in Lukas 4:40 wat in gr. gen. abs. weergee, dus duur uitdruk⁶¹.

2. Samestelling met voorsetsels: bv andbait – επιτιμησεν (v 34) ens. Soms staan ga- in got. teenoor 'n voorsetsel in gr. in v 35 word εξηλθεν en απηλθεν albei deur galithun weergegee.

3. Sommige werkwoorde is van nature perfektief op grond van hul betekenis⁶², bv qiman (v 7, 9, 10, 14 ens) qithan (v 7, 17 ens), wairthan (v 9, 17, 22 ens).

NB By gasahw, galithun, gasagg, uswarp, ens kan ons die effektief-perfektiewe aspek onderskei (in die die effektief-aoristiese), terwyl in gahailida en wairthan die ingressief-perfektiewe aspek na vore tree, omdat die intree in 'n nuwe, toestand aangedui word. 'n Baie duidelike voorbeeld van ingressief-perfektiewe aspek het ons in v 36 waar Ulfilas van 'n

⁵⁵ Vgl Eb, par 294, 2.

⁵⁶ Vgl PBB. 15, p 142; Verder ook Sarauw in Zeitschr. für Vergleichende Sprachforschung, 38 p 152.

⁵⁷ PBB. 15, p 142.

⁵⁸ Grosheide, p 148.

⁵⁹ Oor ga- vgl Feist, Vergl. Wtb. s.v.; A. Beer, PBB. 43, 446vv; Pollak, PBB 44, 353vv; Bernhardt: Die Partikel. ga- (Zeitschr.2, pp 158vv) Streitberg, PBB. 15, pp 82vv; Eb, par 294. Vgl le Roux en le Roux, Mitteln. Gram. par 221, opm.1; A. Kuyler, De Nieuwe Taalgids IX, pp 50vv oor ge-.

⁶⁰ Feist, Einführung, p.20.

⁶¹ Eb, par 295; PBB. 15, p 99.

⁶² Eb, par 296, Kieckers par 164.

omskrywing gebruik maak: jah galaistans waurthun. Hulle het navolgers geword. κατεδιωξεν is egter effektief-aoristies (perfektief).

In v 12 word εκβαλλει, 'n historiese praes., deur ustauh weergee. Die krag van die voorsetsel maak die praes. egter tot 'n soort perfektiewe praes.⁶³ (βαλλει alleen is duratief, εκβαλλει effektief-perfektief) Die weergawe met ustauh is dus baie geskik. Omdat die praes. in hierdie geval 'n daad uit die verlede noem, is die praet. op sy plek, en die samestelling met us- maak dit perfektief. Van die historiese praesentia in v 30, 41, 44 wat met gethun en gath resp. weergegee word, geld die beginsel dat Ulfilas hulle eenvoudig behandel asof hulle in die aoristus staan. Omdat hy uiters selde die historiese praes. oorneem, is dit goed begryplik dat hy, soos hier, volgens die sin sal vertaal, en dan λεγουσιν en λεγει eenvoudig neem as ειπον en ειπεν en ερχεται as ηλθεν. Die ερχεται in v 7 slaan op die toekoms, en word dus deur Ulfilas ook met qimith (praes. vir fut.) weergegee.

In v 15 lees ons usfullnoda thata mel vir πεπληρωται ο καιρος Die gr. is hier perfekties, dws dit dui 'n handeling aan wat klaar is en waarvan die toestand nog voortduur. Ons sou dit só kon voorstel: (• -----). Die punt dui die moment van die afloop van die handeling aan, en die lyn die voortduur van die toestand wat by die moment (punt) ingetree het⁶⁴. In got. staan daar egter net die teenoorgestelde. Usfullnoda druk duratief-perfektiewe aspek uit, wat soos volg voorgestel kan word: (----- •)

Streitberg sê dat die ww. op -nan inchoatiewe aspek uitdruk, maar dat hulle 'n sterk neiging vertoon om perfektief te word, veral omdat hulle so dikwels (soos hier) in samestellings voorkom. (Eb, par 235, 1; PBB. 15, p 160. Hier blyk onder andere hoe naby die verskillende skakerings van aspek aan mekaar lê. Daar sou bv 'n sterk argument opgebou kan word om te beweer dat usfullnoda ingressief-perfektiewe aspek uitdruk. Vgl Brugmann Vergleich. Gramm. par 676a.

In, v 5 tref ons die volgende aan: και εξεπορευετο προς αυτον πασα η ιουδαια χωρα word weergee met: jah usiddjedun du imma all ludaialana. Die voorsetsel εξ die gr. perfekties en die imperfektum het iteratiewe krag, sodat εξεπορευετο eintlik beteken dat hulle voortdurend uitgegaan het. (In Afr. Kinertaal: "hulle het gegaan en gegaan en gegaan.") Omdat got. die iteratiewe aspek nie sonder omskrywing kan uitdruk nie, sê Ulfilas bloot usiddjedun wat wel perfektief is, maar tog nie die volle betekenis van die gr. dek nie.

i) Die gr. aor. indik. en infin. passief word weergegee deur die verlede deelwoord plus die hulpwerkwoord wairthan. Die enigste geval waar daar in Markus 1. Wel 'n aor. ind.1k. passief in die gr. staan, (v 9 εβαπτισθη) word dit deur die got. weer gegee met die ptc. + was: 1, daupithe was. Ons sou daupiths warth verwag. Volgens Gering kom daupiths nooit met warth, voor nie. (Vgl ook LUKAS 4:17 en 7:12)⁶⁵ Soos dit egter nou in got. staan, het ons te doen met perfektiewe aspek wat die voltooid-wees van 'n handeling in die verlede uitdruk, terwyl die gevolge daarvan voortduur. Moontlik het Ulfilas dit hier so weergegee, omdat hy die doop wou aandui as 'n daad wat 'n durende heilstoestand meebring⁶⁶. Dit bly egter 'n moeilike geval.

Daarinteen is die weergawe van παραδοθηναι (v 14) met atqibans warth heeltemal reëlmagig en begryplik, en dis nie duidelik waarom Gering sê dat ons atqibans was sou verwag nie⁶⁷.

ii) Die gr. aor imperatief word deur Ulfilas weergegee deur die Imperatief praesens van got⁶⁸. Die verskil tussen die imperatief van die aor en dié van die praes. is suiwer 'n verskil in aspek:

⁶³ Vgl Moulten, p 111.

⁶⁴ Vgl Dana-Mantey, p 200.

⁶⁵ Gering, aw, p 414.

⁶⁶ Gering, ald.

⁶⁷ Aw, p 412.

⁶⁸ Eb, par 309, Ulfilas par 238.

die imper. praes. is duratief of iteratief, die imper. aor. in momentaan “Daraus ergibt sich von selbst, dasz mit Vorliebe allgemeine Vorschriften ... über das Verhalten und Tun im Präs, die Anweisungen das Handeln im Einzelfall im Aorist stehen.”⁶⁹ Ons het reeds vroeër daarop gewys dat Ulfilas die imper. praes. wat duur uitdruk met ’n got. imper. kan weergee: opa (v 44) = saith. In die oorgrote meerderheid van gevalle staan dit egter vir die gr. aor. imper: v 3: manweith- ετοιμασατε, v 25: usgagg vir εξελθε, v 44: atbair vir προσενεγκε. Die got. imper. druk ’n bevel uit wat onmiddellik in vervulling moet gaan. Deur sowel die imper. aor. as imper. praes. met dieselfde vorm weer te gee, laat got. dit buite rekening of die handeling moet voortduur, of net in vervulling moet gaan, wat in gr. wel uit gedruk word. Dat Ulfilas eater hierdie verskil terdeë opgemerk het en dit wou laat uitkom op plekke waar hy dit noodsaaklik geag het, blyk uit ’n geval soos Mk.7:14: ακουσατε μου παντες και σιυετε – hauseith mis allai jah frathjaith. Die imper. praes. (hauseith) staan vir die momentele daad: luister (ακουσατε - aor. imper.), terwyl die optatief gebruik word vir die voortdurende verstaan (συυιετε -praes. imper.)⁷⁰ Heeltemal in ooreenstemming met hierdie opvatting van hom vertaal Ulfilas die gr. φιμωθητι (v 25) wat ’n aor. imper. is, met thahai, ’n optatief van voorskrif. Die got. dui die durende stilte aan wat oor die bose gees moet kom, die gr. net die moment van stilbly.

- (i) Die praes. imperat. εα (vs 24)= laat af! word tereg deur Ulfilas met fralet, wat baie sterk die momentane aspek uitdruk, weergegee.
- (ii) υπαγε in v 44 kan nie meer as ’n praes. imper. geld nie. Dit het die krag van ’n interjeksie, min of meer gelyk aan ιδε, sai. Die weergawe met gagg is dus minder gelukkig.
- (iii) Die gr. Aor. ptc. en infin. akt. word deur Ulfilas eenvoudig weergegee deur die praes. ptc en infin. met perfektiewe aspek⁷¹. Omdat die augment by hierdie vorme van die aor. ontbreek, is die verskil tussen praes. en aor. bloot ’n verskil in aspek. Die verskil word deur Ulfilas weergegee deurdat hy die praes. ptc. deur middel van samestelling perfektiewe aspek laat aanneem.

Bv	v 7: κυψας	<u>anahneiwands</u>
	19: προβας	inngaggands.
	29: εξελθοντες	usgaggands
	31: προσελθων	daulgaggands
	κρατησας	undgreipands

Dieselfde geld van die infinitief:

7:	λυσαι	andbindan
24:	απολεσαι	fraqistjan.

In v 26 is die aor.ptc. σπαραξαν vervang deur ’n verbum finitum: tahida. Dit sluit beslis beter aan by die got. taaleie. In dieselfde vers word κραξαν weergegee deur hropjands. Waarom het Ulfilas hier nie ufhropjinds geskryf, wat die perfektiewe aspek wat in die gr. opgesluit lê, uit sou gebring het nie? Die oplossing lê weer in die got. taaleie. Dit is ’n bekende eienaardigheid van gr. dat dit eenvoudig twee aoristi naas mekaar kan stel sonder om presies te bepaal hoe die handeling wat daarin genoem word, tot mekaar in verhouding staan. Got. eis egter dat dit uitgedruk moet word. Usiddja is hier perfektief, Hropjands duratief. Die vertaling kan dus lui: Onder geroep het hy uitgegaan. Op intelligente wyse stel Ulfilas dus die got. duratief i.p.v. die

⁶⁹ Blaszk-Debr. par 335. vgl ook 336–337.

⁷⁰ Vgl verder Ulfilas, p.-I-r.238 en Eb, par 307.

⁷¹ Streitberg, PBB. 15. pp 163vv.

gr. perfektief⁷².

Voor ons van die perfektief afstap, moet ons op twee gebruike daarvan let:

(1) Die perfektiewe aspek word soms ook aangewend om 'n gebrek in die tydsvorme aan te vul. So staan die got. praes. met perfektiewe aspek meermale vir die gr. futurum⁷³. Die perfektief van die praes. het van nature futuristiese betekenis, omdat die moment van voleinding waarna verwys word, meesal nog in die toekoms lê. Dit gebeur ook in Slawies dat die aspek soms aangewend word om ontbrekende tydsvorme uit te druk. Bv v 17: gatauja vir ποιησω; v 2: gamanweith vir κατασκευασει.

Dit kan natuurlik net gebeur wanneer die toekomstige handeling perfektief gedink kan word. In die geval van 'n duratiewe futurum soos in v 38 (κηρυξω) wend Ulfilas die Optatief aan meriau. Merjan is 'n duratief wat nie perfektiveerbaar is nie (Eb, par 297). Ulfilas gebruik dikwels hierdie middel (Eb, par 301, 4). Dit toon weereens hoe hy by die weergawe van die aspek met oorleg te werk gegaan het.

(2) In v 40 lees ons: magt mik gahrainjan vir δυνασαι με καθαρισαι. Dis 'n algemene verskynsel dat got. na die hulpwerkwoord perfektiewe infinitief plaas⁷⁴. Dit volg reeds uit die betekenis van die hulpwerkwoord. Magan = in staat wees om. Die hele betekenis neig dus na die bereiking van die doel wat in die infinitief uitgedruk word. Ook die verskynsel kom in Slawies voor.

III. Perfektiese Aspek.

Omdat daar reeds verskeie kere na die perfektiese aspek verwys is, kan ons hier baie kort daarvoor handel. Die perfektiese aspek word in got. uitgedruk deur die ptc. pract. plus die hulpwerkwoord wisan. Ist by die ptc. dui aan "dasz das subject, von dem die rede ist, als ein vollendetes, fertiges, existiert," en druk die perfektiese krag in die teenwoordige tyd uit. Was dien dieselfde doel vir die verlede tyd en sê dat die subjek waarvan sprake is, "als ein vollendetes, fertiges existiert hat."⁷⁵

Bv v 2: Gamelith ist vir γεγραπται, = dit staan geskrywe. Streitberg noem dit as 'n geval waar got. van gr. afwyk en 'n perfektiese aspek in die plek van 'n aoristiese stel⁷⁶. Dit is nie duidelik hoe hy daarby uitkom nie. In gr. sowel as in got. is hier tog die perfektiese aspek uitgedruk. In die geval van εβαππισθη wat met daupiths was weergegee word, het ons só 'n geval (v 9), maar nie hier nie.

Die pass. imperf. word deur Ulfilas deur omskrywing weergegee, en op die wyse druk hulle noodwendig, die perfektiese aspek uit, terwyl gr. die duratiewe het: εβαππιζοντο (v 5) weergegee met duapiths wesun. Aangesien die perfektiese aspek uitdruk die toestand wat ingetree het, nog bly voortduur, is die verskil tussen gr. en got. hier hoogstens teoreties, en ons kan die got. weergawe as uitstekend beskou.

(1) Die geval is egter anders wanneer in v 22 die imperf. weergegee word met usfilmans waurthun: hulle het verbaas geraak. By got. het ons perfektiewe aspek, by die gr. duratiewe. Die got. vertaling wen daarby egter heelwat aan lewendigheid en aksie.

(2) fraisans in v 13 moet as 'n appositiewe ptc. by was geneem word, presies netsoos in die gr. In albei tale word die duur uitgedruk. Hier is dus 'n voorbeeld daarvan dat die ptc.

⁷² VglPBB. 15,p.170; Grimm, D.G. IV, pp 176vv; Ulfilas, p 427, Wright, p.190.

⁷³ Lenk p 258; PBB. 15, pp 119vv; Eb, par 300 vv en IF. XXI, p 190. Streitberg, res. oor "Delbrück se "Vergleich. Syntax der Idg. Sprachen," IF, 11 (Anz.) p 56 vv.

⁷⁴ PBB 15, pp 170; Bernhardt, Zeitschr. II, p 165.

⁷⁵ Gering, aw, pp 408 vv, p 294. Vgl Bernhardt, Glossarium, o. wisan; Eb, par 285, 3; PBB 15, pp 160 vv. Ulfilas, p 426 en Grimm DG, pp 9, 12.

⁷⁶ PBB 15, p 162.

praet. sonder ga- in got. nog duratief kan wees. (Eb, par 324, 1)

In v 30 het ons κατεκειτο πυρεσσουσα wat in got. weergegee word met lag in brinnon. Die imperf. van κειμαι dien as die plusquamperfektum passief van τιθημι⁷⁷. Κειμαι = ek het, gaan lê, nou lê ek. κατεκειτο = sy het tevore gaan lê en toe het sy gelê. Die plusquamperfektum is in gr. eenvoudig die praet. van 'n toestand en nie die Latynse plusquamperfektum of selfs die Engelse (had) nie⁷⁸. κατεκειτο druk dus perfektiese asek uit, dws 'n afgelope handeling waarvan die gevolge in lie verlede voortgeduur het. Ulfilas se vertaling druk die duur van die lê goed uit, al kan die nie die beginpunt van die handeling ook nog noem nie. Die sg. perifrastiese plusquamperfektum⁷⁹ (ην ενδεδυμενος) word tereg deur Ulfilas weergegee met was gawasiths.

Ons kan hierdie afdeling afsluit met die gevolgtrekking dat Ulfilas oor die algemeen 'n skerp insig in die werk wat hy vertaal het, verraa. Dit het nie maar vir hom daarom gegaan om op die klank af die gr. in got. "oor te sit" nie! Dit kos soms spartel om die juiste sin van die gr. in got. weer te gee en dikwels geluk dit nie, omdat sy taalapparaat arm is aan vorme. Hy verseg egter om gebruik te maak van omskrywing, moontlik uit piëteit. Sy gehegtheid aan ouer vertalings speel ook 'n rol (vgl v 4).

Nogtans kan ons met veiligheid sê dat Ulfilas se weergawe van die gr. aspek 'n mate van vryheid teenoor die teks toon, en terselfdertyd vir Ulfilas laat ken as 'n bekwame vertaler, wat weet hoe om die materiaal tot sy beskikking binne die grense van die got. taaleie aan te wend.

NOTA. Ulfilas sluit baie eng aan by die gr. Ten opsigte van die participia, veral die appositiewe participia. In baie gevalle sou ons van omskrywing gebruik maak. Die gebruik van die got. ptc. is in die gevalle nie bo die verdenking van navolging van die gr. verhewe nie. Tog is daar ook duidelike spore van selfstandigheid. Daarop kom ons later terug. Vgl Gering, aw, p 431–433; A Beer; PBB 37, 170; Lenk, aw, p 289; Kapteijn, p 277, 281.

2. Die tweede eienaardigheid waarmee Ulfilas in sy vertaling te doen kry, is die gr. lidwoord.

Got. gebruik die demonstratief sa, so, thata om die gr. lidwoord mee weer te gee. Die s.nw. kon in Germaans oorspronklik sonder die lidwoord en onbepaald gebruik word⁸⁰. Die demonstratief wat dan soms by die s.nw. staan, het 'n besondere aanwysende ("deiktische") krag. In die jongere Germaanse tale het die lidwoord (oorspronklik: demonstratief) feitlik tot 'n blote vormwoord geword. In got. is dit nog nie die geval nie. Die demonstratiewe karakter van die sg. lidwoord staan nog sterk op die voorgrond⁸¹. Streitberg sê dat die got. artikel nooit voorkom waar dit nie ook in die gr. Vorlage staan nie⁸², en dat dit daarteen ook weer nie vir elke gr. lidwoord staan nie. In Lukas 8 bv is slegs een derde van die gr. lidwoorde in got. oorgedra. In die reël word die algemene gebruiklike artikel by die alleenstaande s.nw. weggelaat⁸³.

Dit lyk asof dit die beste is om die gebruik van die lidwoord nie onder definitiewe reëls te bring nie, omdat elke geval op sigself behandel moet word. Hoe vaag Streitberg ook al die reëls stel, moet hulle tog modifikasie ondergaan. Reeds Stamm het die volgende reëls vir die gebruik van die lidwoord vir got. opgestel, en dit word oorgeneem deur Delbrück⁸⁴:

(a) die lidwoord verwys terug na 'n saak wat reeds bekend is uit die vorige vers of verse: vgl

⁷⁷ Smyth, par 791.

⁷⁸ Moulten, par 148.

⁷⁹ Moulten, par 226; PBB 15, p 162; Goodwin: Syntax of Greek Moods and tenses, pp 45, 46, 831.

⁸⁰ Delbrück, IF, 26, pp 187–189.

⁸¹ Braune, par 153; Ulfilas, par 278.

⁸² Eb, par 281, 2(a). Vgl Ulfilas par.

⁸³ Eb, par 281, 2(b).

⁸⁴ Stamm: Vorschule zum Ulfila (1851) pp 57 vv en Delbrück IF, 26, p 197. Vgl ook Lenk, p 243.

v 13: thisai authidai vir τη ερημω terwyl authida in die vorige vers sonder lidwoord staan vir την ερημω; thisai swnagogen in v 23 vir τη συναγωγή terwyl swnagogen in vs 21 staan vir την συναγωγήν. Dieselfde geld vir thisai swnagogen in v 29. Vgl ook tho natia met nati in v 18 en 16, ens.

In Markus 1 tref ons voorbeelde aan waar terugverwys word na 'n saak wat bv tevore deur 'n ww. uitgedruk is: v 22: thisai laiseinai, omdat in v 21 staan laisida ins. Soms is die verwysing nog vaer, bv waar thamma watin in v 10 wys op die Jordaan van v 9. In v 33 heet dit so baurgs omdat dit uit die verband duidelik is dat die huis waarin Christus is, tog in 'n dorp moet wees.

Dit blyk dus dat ons hierdie “reël” sal kan handhaaf as ons bereid is om dit hier en daar te rek.

In v 39 staan die lidwoord nie by unhulpons nie, omdat daar geen verband gelê word tussen hierdie bese geeste en die wat reeds vroeër genoem is nie. Daarteenoor staan thos unhulthons in v 34(b) om terug te verwys na die unhulthons managans vroeër in die vers. By albei die e.g. gevalle staan die gr. lidwoord.

(b) Die lidwoord wys vooruit na iets wat nog genoem gaan word. Daarvan kon ek geen voorbeelde in Mk 1 vind nie.

(c) Die lidwoord staan voor 'n s.n.w. wat van 'n attribuut voorsien is⁸⁵. Byvoorbeeld v 24 sa weiha gudis; v 38: thaim bisunjane haimom. Soms staan net een lidwoord waar gr. twee het: v 26 ahma sa unhrainja. (το πνευμα το ακαθαρτον). Vgl ook v 27. Soms word die gr. konstruksie met 'n identiese een in got. weergegee: so laiseino niujo vir η διδαχη η καινη αυτη (v 27). Die herhaalde lidwoord het in gr. demonstratiewe krag en die konstruksie pas dus goed by got. wat feitlik die lidwoord nog net as demonstratief ken. Hierdie demonstratiewe krag blyk ook ook nog daaruit dat got. αυτη nie met 'n afsonderlike woord weergee nie, omdat dit reeds voldoende uitgedruk is deur die eerste so.

Hierdie “reëls” van Stamm dek egter nie alle gevalle wat in Markus 1 voorkom nie. Daar is nog die “Artikel der Bestimmtheit”⁸⁶ waardeur 'n saak van spesifieke grootheid of bekendheid aangedui word. So staan thata mel in v 15 vir ο καιρος. Die tyd waarvan hier sprake is, is die spesifieke tyd, die heilstyd. Ook in gr. het die lidwoord in hierdie geval die besondere betekenis.

Dan is daar ook gevalle waar die lidwoord nooit voor 'n s.n.w. verskyn nie, bv voor guth, (v 3, 24 ens) of Frauja (hemelse Heer – v 3). Ook voor himins (v 11) of sauil (v 32) en ander kosmiese groothede kom dit nie voor nie⁸⁷. Ook kom dit nie voor eiename nie (v 2.5.9 ens).

Na hierdie uiteensetting kan ons weer terugkom na Streitberg se uiteensetting wat hoër op gegee is. Ons het reeds een en ander gesê wat sy tweede reël (nl dat die gewone lidwoord weggelaat word by die alleenstaande s.n.w.) aanmerklik uitbrei en modifieer. Wat die bewering betref dat die got. lidwoord net staan waar daar in gr. een staan, moet ons ook m modifikasie aanbring⁸⁸. Daar is sommige gevalle waar gr. nie 'n lidwoord plaas nie, maar waar die s.n.w. tog bepaald is. Dit is veral die geval in preposisionele uitdrukkinge wat al byna suiwer adverbiaal geword het, bv εν οικω (Markus 2:1) ens en in genitiewe konstruksies, bv οικον αυτων (Markus 8:3)⁸⁹. Op grond daarvan dat got. s.n.w. oor sonder die lidwoord bepaald kan wees, kan Ulfilas dit dus ook weglaat in die genoemde gevalle. Nou vind ons egter dat hy dit invoeg in Kolossense 2:20 waar εν κοσμω weergegee word met in thamma fairhwatu. Op grond daarvan dat κοσμω reeds vorentoe in die v gebruik word, het die lidwoord ook hier demonstratiewe krag en verwys dus terug. Ons kan Streitberg se reël dus miskien soos volg

⁸⁵ Vgl ook Eb, par 281, 2.

⁸⁶ Lenk, aw, p 244.

⁸⁷ Vgl Lenk, aw, p 245–246; Grimm, DG IV, p 383.

⁸⁸ Hyself stel die beginsel darem nie as onwrikbaar nie, Eb, par 281 a.

⁸⁹ Blaszk-Debr, par 259, 1. Radermacher, pp 112 vv.

emendeer: Waar die gr. die lidwoord uitlaat in gevalle wat tog bepaald is, bv in preposisionele en genitiewe konstruksies, sal Ulfilas tog die lidwoord invoeg waar die betrokke nomen tevore genoem is en die demonstratiewe karakter van die got. lidwoord dus vereis dat dit by die herhaling wel genoem word.

Oor die invoeging van sa in v 7 hoef ons nie veel te sê nie. Die demonstratiewe krag van sa staan hier op die voorgrond, sodat sa byna = αὐτός. Die got. lees dus: "Daardie Een wat sterker as ek is, Hy kom na my." Dit lyk of got. 'n subjek nodig het by gimith.

Moontlik is hierdie sa onder invloed van die parallelle (Matteus 3:11, Johannes 1:27), ingevoeg. Dit maak egter geen verskil nie, omdat die invoeging nie teen die aard van die taal geskied het nie. Al verskil wat dit maak, is dat daaruit geargumenteer sou kon word dat die invoeging van sa nie noodsaaklik was op grond van die got. taaleie nie. Vgl GB, t.p.; Stolzenburg, p 184.

In Lukas 20:20 is die lidwoord teen die gr. voorbeeld ingevoeg en het feitlik die karakter van 'n relatief: ferjans thans us liutein taikinjandans sik garaihtans wisan vir gr.

Ook by die gebruik van die lidwoord moet ons dus aanneem at Ulfilas hom ten volle by die got. taaleie gehou het en onafhanklik van die Vorlage te werk gegaan het.

3. Die gr. partikel

Daar is veel gemaak van die feit dat Ulfilas ook die partikels soos μὲν, δὲ, ἢ, πᾶρ, ens in got. probeer weergee. Friedrichsen noem dit partikels wat so eiendommelik van gr. is, dat eie weergawe daarvan in ander ander taal "must almost necessarily... be unidiomatic, meaningless, or unintelligible," en hy haal Bernhardt aan om sy standpunt te steun⁹⁰. Dit is egter beslis te veel gesê, en uit wat Bernhardt oor die saak se, kan sy standpunt nie veel steun put nie. Dit is wel waar dat die gr. partikels nie altyd op dieselfde wyse in 'n ander taal vertaal kan word nie, omdat hulle verskillende betekenis-skakeringe het. Δὲ is soms bloot aaneenskakel-end, soms druk dit 'n ligte adversatief uit, soms 'n sterk adversatief⁹¹. Met hierdie wisselinge in betekenis moet in die vertaling rekening gehou word.

In v 6 word ἢ ... δὲ weergegee met wasuth-than wat weergegee kan word: Nou was Johannes (dan) gekleed. (was + UH + than). Dit is 'n baie goeie weergawe van wat in gr. staan⁹². Markus het veral die gewoonte om δὲ net in te voeg waar daar 'n insnyding in die gewone gedagtegang plaasvind⁹³. Die weergawe met uh + than is dus baie geskik: Die gedagtes word verplaas na 'n ander terrein; in sekere mate van teëstelling is daar dus wel. Nogtans is die teëstelling nie so sterk dat δὲ as volbloed-adversatief weergegee moet word nie. Die enklitiese -uh verminder dus die teëstelling. (Die krag van -uh moet hier min of meer dieselfde wees as die van ons "en" soos gebruik deur iemand wat iets vertel: "en hy loop toe, en hy sien, ens)

In v 8 bring ἢ ... δὲ 'n kragtige teëstelling tussen die doop van Johannes en Jesus uit. Hier is δὲ dus sterk adversatief, en word gevolglik deur Ulfilas met ith weergegee. Die aththan wat voor ik staan, druk ook die teëstelling sterk uit⁹⁴, en vervang μὲν dus in die verbinding van die twee partiklels op 'n waardige wyse. Daarteenoor is than 'n ligte adversatief en dus uiters geskik om δὲ in v 32 weer te gee. Hier is weer die betekenis-skakering van δὲ dat dit vooruitgang in die verhaal aandui. Than is hier min of meer gelyk aan die vinnig uitgesproke dan in Afr.: "Toe dit dan aand geword het..." In dieselfde vers staan than ook vir gr. οὐδὲ. Hier is

⁹⁰ Friedrichsen, I, p 15; vgl Bernhardt, Vulfia, p XXXI

⁹¹ Vgl Denniston: Greek Particles, pp 162 vv.

⁹² Vgl bv prof Pistorius se vertaling van Johannes 2:6 ἦσαν δὲ μετ nou was.

⁹³ Vgl bv prof Groenewald, Markus, p 34, 1.

⁹⁴ Vgl Streitberg, wdb. s.v.; Eb, par 335.

than 'n relatief-temporale bywoord⁹⁵.

In v 30 is $\delta\epsilon$ kontinuatief⁹⁶ en die weergawe met ith is dus minder gelukkig. In v 41 egter is die adversatiewe $\delta\epsilon$ ⁹⁷ heel tereg deur ith weergegee. Dit gaan in die eg. vers naamlik om die teëstelling tussen die daad van Jesus en die melaatse se reaksie uit te bring⁹⁸.

In v 22 word $\gamma\alpha\rho$ weergegee met unte, netsoos in v 38. Unte is volgens Streitberg (Wdb. sub voce) "kausal, auf der Grenze zwischen Parataxe und Hypotaxe stehend". In v 34 staan dit vir $\sigma\tau\iota$, wat min of meer die gewone weergawe is. Auk is eintlik die gewone weergawe van $\gamma\alpha\rho$ (vgl Markus 9:21 ens) Ak is die gewone weergawe van $\alpha\lambda\lambda\alpha$, waarmee dit in betekenis ooreenstem (v 44)⁹⁹.

Wat Bernhardt bloot in die algemeen sê nl: "Eigentümliche griechische Partikeln ... werden nicht übergegangen, wenn gleich nicht immer sinngetreu überträgt,"¹⁰⁰ is dus nie heeltemaal waar nie. Dis buitendien 'n bekende feit dat Ulfilas dikwels die partikels weglaat¹⁰¹.

Ons moet dus, selfs op grond van die enkele voorbeelde uit Mk.1, besluit dat Friedrichsen se bewering nie korrek is nie; intendeel: Ulfilas het met oorleg en vaardigheid die partikels probeer weergee. Waar sy weergawe soms verskil van wat ons verwag, moet ons onthou dat daar by die interpretasie van die betekenis van 'n partikel in 'n bepaalde geval voldoende ruimte is vir subjektiewe beskouings.

⁹⁵ Vgl Streitberg, wdb. s.v.; Eb, par 333.

⁹⁶ Denniston, aw,p.162.

⁹⁷ Ibid.

⁹⁸ Vgl verder vir die verskillende betekenis wat ith kan hê: Tobler, PBB.59pp 370; Eb, par 334.

⁹⁹ Vgl Tobler, PBB 5, pp 363, 376; Eb, par 339, 340.

¹⁰⁰ Vulfila, p XXXI.

¹⁰¹ Vir voorbeelde, vgl Kapteijn, p 302 en Streitberg, Wtb. o. aththan; Kaufmann, Zeitschr. 48, pp 168.

PARAGRAAF III

WEERGAWE WAARIN DIE GRAMMATIKALE VERSKILLE MET INVLOED OP DIE SINTAKSIS OPTREE

1. Casus.

Die grammatikale verskille wat daar tussen die got. vertaling en die gr. teks bestaan, is op die gebied van die casus die belangrikste. In Markus 1 kom daar 'n hele aantal sulke verskille voor.

(a) Verskille wat voorkom in die verbinding: verbum + substantief sonder vormwoord.

- (i) Die ww andhaitan regeer in got. 'n datief, terwyl εξομολογειν 'n akk. regeer¹. Vgl v 5: andhaitandans frawaurtim seinam vir εξομολογουμενοι τας αμαρτιας αυτων.
- (ii) Na gawasiths staan in v 6 die dat. taglam, terwyl in die gr. die akk. staan: τριχας.
- (iii) In v 31 het die gr. κρατησας της χειρος αυτης waarnaas got. stel: undgreipands handu izos. Gr. gebruik die gen. na werkwoorde van aanraking, neem, vat ens κρατειν regeer die akk. as die totaal wat gevat word aangedui word, terwyl dit die genitief het vir die deel wat gevat word (gegryp word)². Hiernaas egter stel got. die akk. By απτεσθαι staan egter volgens BlasZDebr. deurgaans die genitief³, soos ook blyk uit v 41 ηψατο αυτου. Hierteenoor gebruik got. weer die dat: attaitok imma⁴.
- (iv) In v 6 het got. die hele sinsbou anders as gr. Volgens gr. is ζωνην δερματινην 'n akk. afhanklik van ενδεδυμενος. In got. vorm gairda filleina die onderwerp van 'n newegesikhte sin sonder werkwoord, is dus nie van gawasiths afhanklik nie, en staan dus in die nominatief. Streitberg gee in sy woordeboek (o. gairda.), die vorm in hierdie vers aan as akk., maar dit is tog absoluut onmoontlik om dit so te neem.
- (v) In v 13 het got. 'n partitiewe gen. (dage fidwor tiguns.) teenoor die gr. akk.: ημερας τεσσερακοντα⁵. Terwyl die gr. dus deur die akk. die hele duur van die verblyf in die woestyn aandui, sê die got. gen. dat die handeling plaasvind gedurende 'n gedeelte van die duur van die (eindeloos opeen volgende) dae. (Letterlik: van dae veertig.)
- (vi) Die dativus absolutus staan in got. teenoor die gen. absolutus van gr., bv v 32: andanahija than waurthanamma vir die gr. οπισθ δε γενομενης. Volgens van der Meer is dit waarskynlik dat die got. 'n idiomatiese absolute konstruksie gehad het, omdat die absolute konstruksies in die Germaanse tale onder invloed van nie-Germaanse tale ontstaan het. Saam met Winkler ag hy dit daarom waarskynlik dat die absolute datief deur middel van 'n proses in got. ontstaan het. Die eerste stadium sou dan wees dat die datief wat gewoonlik die gr. gen abs. vertaal, 'n gewone datief is, en dat die "hier en daar onbeholpe uitdrukking" ontstaan het deur die strewe van die vertaler om so na as moontlik aan die grondteks te bly terwyl hy tog goeie got. probeer skryf. So 'n voorbeeld is Lukas 9:57 εγενετο δε πορευομενων αυτων εν τη οδω ειπεν τις προς αυτον: warth than gaggandam im in wiga qath sums du imma. Hier is die preminale datief van die werkwoord afhanklik

¹ Vgl vd Meer, Got. Cas. I p 189; Ulfilas, pp 437.

² BlasZ-Debr, par 170, 2.

³ Ibid, ald.

⁴ vd. Meer, Got. Cas. I pp 28, 76, 91.

⁵ vd Meer, Got. Cas. I, p 133–135. Vgl Ulfilas, p 433: "Den gen. partitivus wendet das Gotische in ausgedehnterem Masze an als das Griechische."

en van 'n bypassende partisipale omskrywing voorsien. Op 'n verdere stadium is die ptc. en pronomen verder van mekaar verwyder, sodat die pronomen weer 'n keer by die ptc. bygevoeg word. Matteus 8:5: εἰσελθόντι αὐτῷ προσήλθεν αὐτῷ – ingaggandin imma in Kafarnaum duatiddja imma hundafaths. Die gevoel vir die datief verswak, en die gr. gen. abs. word eenvoudig deur die “dat. abs.” weergegee sonder enige noodwendige verband tussen die datief, en die hoofwerkwoord soos in die geval van die eerste voorbeeld⁶.

Die hele uiteensetting is interessant en skerpsinnig, maar het nie veel om die lyf nie, omdat dit uit die aard van die saak op suiwere spekulاسie berus. Om te kan bewys dat hierdie konstruksie onder gr. invloed in die got. vertaling ontstaan het, sou ons die geskiedenis van die vertaling volledig moes geken het, en dan kon aanwys hoedat die proses histories ontwikkel het. In die eerste boeke (of hoofstukke) wat Ulfilas vertaal het, sou dan net die eerste stadia van die proses moes optree, en eers later die absolute konstruksie. Maar so-iets is onaanwysbaar.

Die verdere beswaar teen die opvatting is dat dit uitgaan van die veronderstelling dat die absolute konstruksie nie Germaanse eie-goed kan wees nie. Die feite wys egter in 'n ander rigting.

E Bernhardt, res. oor O Lücke: “Absolute Participia im Gotischen” Zeitschr. 8, p 352–4, haal die volgende woorde van Lücke aan: Die Absolute participia, sê hy, “ist nicht ein natürlicher, urwüchsiger sprosz der gotischen Sprache, sondern ein künstlich darauf gepropftes reis” wat net deur getroue navolging van die gr. ontstaan het. Got. sou dit nooit gebruik nie, behalwe waar die gr. voorbeeld ook voorkom. Bernhardt weerspreek die standpunt baie sterk. As die vertaler die dat. abs. “uitgevind” het as “boekagtige” weergawe van die gr., vra hy, waarom het hy dan nie die gen. gekies soos in gr. nie? Lücke het die beswaar self ook aangevoel en meen dat die dat. gekies is omdat dit die “dehnbahrste Casus des gotischen” is. Die naïwiteit van so 'n bewering is maar al te duidelik. Intussen het reeds Grimm aangetoon dat die dat. abs. 'n Germaanse konstruksie is (DG IV, pp 115, noot, 124, 896–7). Bernhardt, Zur Gotischen Syntax, Zeitschr. 9, pp 383 vv) staaf dit met voorbeelde uit Beowulf. Dit kom ook in Noors voor. Ook Streitberg aanvaar dit as van Germaanse oorsprong, hoewel hy tog die proses van Winkler blykbaar onderskryf (interessantheidsonthalwe?) (Vgl Eb, par 260. Vgl verder Wright, par 436. Vgl ook Mensing, res. H. Winkler, Germanische Casussyntax I, Zeitschr. 30, p 548.)

Dit is baie duidelik dat ons in die dat. abs. 'n suiwer Germaanse konstruksie het. Die gen. abs. van gr. is naamlik 'n ou ablatiewe konstruksie (wat nog in Latyn voortbestaan). Sowel gr. as got. het die ablatief verloor, en moes daarvoor vergoed, terwyl die gen. in gr. die fuksies van die ablatief oorgeneem het, het die datief dit in got. gedoen⁷. Die got. dat. abs. staan dus vir die idg. abl. abs. Al wat gesê kan word, is dat die aanwending van die absolute konstruksie in got. onder die vloed van die gr. uitgebrei is⁸.

(vii) In vs 17 kom 'n akk. met infinitief voor na taujan: gatauja igqis wairthan nutans manne (ποίησω ὑμᾶς γενεσθαι ἀλιεις ἀνθρώπων). Die konstruksie is dus in got. presies nes in gr. Nogtans kan ons dit as eg-Germaans beskou⁹. Die akk. is 'n objektsakk. Dit vorm die uitgangspunt vir die egte akk. en infinitief-konstruksie waar die akk. nie meer gevoel word as objek van die regerende ww. nie, maar as subjek van die infinitief. Ook hierdie konstruksie mag nog eg-Goties heet¹⁰. Waar die akk. met inf. egter in onderwerpsinne en na ωσ (ωστε) voorkom, is dit volgens Streitberg en van der Meer iets wat vir got. vreemd

⁶ van der Meer, Got. Cas. I pp 116 vv.

⁷ Vgl Delbrück, Vergleich. Syntax der idg. Sprachen, aangeh. by v. d. Meer, ii, pp 18; Bernhardt, Zeitschr. 13, pp 16, 17.

⁸ Eb, par 260.

⁹ Eb, par 317,1. Vgl van der Meer, aw pp 56–58 en Grimm, DG IV, p 115–122.

¹⁰ Vgl Bernhardt, Zeitschr. 9, pp 383–384; Eb, par 317, 2.

moet gewees het, en dus sover as moontlik very is¹¹. Markus 1:27 is dan so 'n voorbeeld waar die gr. konstruksie verander is, sodat die infinitief met 'n verbum infinitum vervang is: ωστε συζητειν προς αυτους heet dan: swaei sokidedun mith sis misso. (Intussen is dit in gr. netso gebruiklik om die indikatief te plaas na ωσ, vgl Johannes 3:16 – sowat die enigste plek waar dit in die NT voorkom. Moontlik het Ulfilas dus onbewus die een konstruksie met die ander verwissel. Daar is geen gevoelsverskil tussen die twee nie.) In Lukas 4:36 kom konstruksie egter wel voor, en dit selfs teen die gr. in: εγενετο θαμβος επι παντας – jah warth afslauthnan allans. Van der Meer gee 'n opgawe van al die konjektore hier aangebring, en stel self een voor, terwyl hy Curme wat dit vir 'n eg-Gotiese konstruksie hou, bekamp¹². Asolulute sekerheid is egter tot op datum nie bereikbaar nie.

(viii) In die akk. Ιωαννην (v 64 – sic!) na die μετα en die finitief wat van 'n lidwoord voorsien is, het ons 'n gewone gr. verskynsel (vgl Blaszyk-Debr. par 406, 3). Ulfilas omskryf egter die gr. aor. inf. passief en stel dan Johannes in die nominatief.

Ten opsigte van die verbinding van substantief plus substantief sonder vormwoord merk ons net op dat die vorme van die adnominale genitief Nasaraith Galeilias (v 9) en Iakobu thana Zabadaiaus (v 19) wel goed in Germaans moontlik is, al is hulle ook hier seker deur die gr. ingegee. Vgl Bernhardt, Zeitschr. 13, p 2.

(b) Verskille wat voorkom by die verbinding: verbum plus substantief (pronomen) met preposisie.

(i) In¹³ het in die eerste plek ruimtelike betekenis en dui in verbinding met the datief 'n toestand van rus aan, dus volkome gelyk aan gr. εν + dat. (v 2, 3, 4, 5 ens) Daarnaas kan dit ook rigting aandui, en staan dan met die akk. = gr. εις + akk. So bv in v 12: in authida = εις την ερημον. Hierin verskil got. egter van gr. dat dit by die werkwoorde soos val, saai, neerplaas, neerlê, kom, ens die toestand van rus eerder uitdruk en nie die rigting nie¹⁴ Vgl v 9: in laurdane 'n dat., netsoos in v 5, teenoor εις την Ιορδανην (akk.); v 14: gam in Galeilaia (dat.) teenoor εις την Γαλιλαιαν, Vgl verder vs 21, 29, 45 ens. Dit is uit hierdie voorbeelde reeds duidelik dat die rus-konstruksie graag voorkom na werkwoorde wat in die verlede tyd staan: die handeling is afgeloop en die aandag word dus bepaal by die moment van voleinding¹⁵.

Naas die ruimtelike betekenis kan in volgens van der Meer ook instrumentale betekenis hê bv v 8 waar εβαπτισα εν υδατι en βαπτισει υμας εν πνευματι αγιω weergegee word met daupja in watin en daupeith in ehmin weihamma¹⁶. Dit lyk egter of ons liever die ruimtelike betekenis van in hier moet handhaaf. Elders is die datief alleen tog reeds genoeg om εν + dat. met instrumentale krag te vertaal. Vgl Ef. 6:14 waar εν αληθεια met sunjai weergegee word en ook Efesiërs 6:16, 2:15 en Romeine 12:21. In Lukas 3:16 (die enigste parallel van Markus 1:8) vind ons dat got. in + dat. het waar gr. dit het, en blote dat. waar gr. alleen maar die dat. het. As ons sien dat in + dat. daar gebruik word van die doop met die Heilige Gees en dit selfs waar Ulfilas blote dat. kon gebruik het as hy die instrument wou aandui, dan is dit goed moontlik dat die ruimtelike betekenis vir hom tog op die voorgrond staan. In Markus 1:8 lê die ruimtelike betekenis buitendien nie veraf nie. In v 9 staan dit duidelik op die voorgrond. Ons kan dus met goeie rede van der Meer se opvatting van in as instrumentaal betwyfel¹⁷.

¹¹ Eb, par 317, 2b; Van der Meer, PBB 39, pp 201 vv.

¹² PBB 39, pp 201 vv.

¹³ van der Meer, Got. Cas. II, pp 60 vv.

¹⁴ Eb, par 269, I Nogtans kan εις ook vir εν voorkom in die gr. van die NT vgl Winer II, pp 517 vv.

¹⁵ Eb, ald. Grimm. D.G. IV, p 776 gee verdere voorbeelde.

¹⁶ Got. Cas. II, p 65.

¹⁷ Vgl ook Bernhardt, Zeitschr. 13, p 5 en Grosheide, p 89.

In kan ook staan om die begeleidende omstandighede uit te druk: v 30 lag in brinnon vir κατεκειτο πυρεσσουσα. Die lokale betekenis staan hier ook nog op die voorgrond¹⁸.

(ii) Soms word εν en εις nie met in vertaal nie. V 45 het ana wat meermale met in afwissel in die weergawe van εν of εις. Dit het sterk ruimtelike betekenis en dui met die dat. (soos hier) rus in of op 'n plek aan. In v 22 staan dit vir επι + dat. Met die akk. dui dit rigting aan en vertaal εις + akk. soos in v 35¹⁹.

(iii) Soms vertaal du die gr. εις. Du verskil van in daarin dat dit rigting aandui, terwyl in die ingang in een of ander plek aandui²⁰. Daarom vertaal du εις (v 4, 38, 44) en προς (v 5, 32, 45) In v 38 is du met die ou instrumentalis verbind, unte duthe gam vir gr. εις τουτο γαρ εξηλυθα. Terwyl die oorspronklike betekenis van du in sulke verbindings elders reeds verdof het, is dit hier nog duidelik aan te voel²¹.

Du word by qithan ingevoeg in v 37, 38, 41, 44, waar dit in elke geval 'n blote dat. van gr. weergee. Dis 'n eg-Germaanse konstruksie²².

(iv) Eis Word in v 39 weergegee deur and wat beteken langs, “an die oberflache eines Gegenstandes entlang”²³. Dis 'n tipiese voorbeeld van Ulfilas se fyn onderskeidingsvermoë. Sy vertaling is in werklikheid veelseggender as die gr.

(v) at + dat. staan in v 33 en 40 vir προς + akk. Waar gr. uitdrukking gee aan die rigting waarheen, gee got. die toestand van “aangekom wees” weer²⁴.

(vi) afar regeer in got. die dat. en staan in v 7, 17, 20 teenoor die gr. οπισω + gen. In v 7 het dit 'n temporale betekenis, op die onder plekke 'n ruimtelike²⁵.

(vii) mith + dat. = μετα + gen. (v 20, 29, 36.) in die betekenis van by of saam met. In v 27 is die betekenis van tussen op die voorgrond²⁶. (Sonder gr. ekwivalent.)

(viii) faura + dat. staan in v 2 vir εμπροσθεν + gen. en vir προ + gen.

(ix) faur + dat.= gr. παρα + akk. (vs 16) Dit dui “bewegings langs” aan²⁷.

(x) bi + akk. = περι + akk. (v 6) en het dan 'n ruimtelike betekenis (om). In v 30 staan dit vir περι + gen. in die betekenis : “aangaande”²⁸.

(xi) us +dat. (vs 10, 11, 25, 29) vir εκ + gen. Ut us in v 25 is 'n versterking en staan vir gr. εκ. Netso kom fram + dat. voor vir απο + gen. om oorsprong aan te dui (v 9) As die oorsprong van die handeling 'n persoon is, staan dit met die datief om υπο + gen te vertaal. (v 5, 9, 13). Netso is ook af + dat.= απο + gen. (v 42). Die datief het in hierdie gevalle die funksie van die verloregegane ablatief oorgeneem. In Latyn word die ablatief in al hierdie gevalle gebruik. In gr. het die gen. die funksies van die ablatief oorgeneem²⁹.

(’n Ander voetspoor van hierdie ontwikkeling vind ons in die datief van vergelyking in got. wat

¹⁸ Streitberg, Wdb. s.v.; Van der Meer, Got. Cas. II p 62.

¹⁹ Vgl Streitberg, Wdb. s.v.; Van der Meer. pls. 49 vv.

²⁰ Van der Meer, II pp 71; Neophilol. I pp 263–266.

²¹ Van der Meer II pp 84–85.

²² Bernhardt, Zeitschr. 13, p 6.

²³ Van der Meer, II, p 58.

²⁴ Eb, par 270.

²⁵ Vgl van der Meer II, pp 40–42.

²⁶ Ibid, pp.110, 111.

²⁷ Ibid, p 36; Grimm, D.G. IV, pp 735–736.

²⁸ Bernhardt, Glossarium, s.v.; Feist Wtb. s.v.

²⁹ Van der Meer II pp 23 vv, 17 vv ens. Veral p 18 waar Delbrück se standpunt aangehaal word.

beantwoord aan 'n gr. gen. en Latynse ablatief: v 7 swinthosa mis) ἰσχυροτερος μου³⁰.

Uit wat in die voorafgaande gesê is, is dit meer as duidelik dat die taal van Ulfilas tov die casus as idiomaties beskou kan word³¹. Wat die gebruik van voorsetsels betref, is dit duidelik dat daar 'n groot mate van afwisseling voorkom. Geen enkele got. voorsetsel gee deur die hele got. Bybel dieselfde voorsetsel weer nie³². In ons hoofstuk is daarvan reeds etlike spore aangetoon. Verder: got. het soms voorsetsels waar gr. dit nie het nie, en omgekeerd. Sels betekenisverskille kom voor. Die got. voorsetsels moet reeds 'n eie min of meer vaste betekenis gehad het, op grond waarvan Ulfilas dit kon aanwend om verskillende gr. voorsetsels weer te gee. Die naamvalle wat deur die got. voorsetsels regeer word, is in die oorgrote meerderheid van gevalle verskillend van die wat deur die ooreenkomstige voorsetsel in gr. regeer word. Veral word dit uit Markus 1duidelik dat die datief 'n besliste voorrang bo die ander naamvalle het. Dit moet gedeeltelik daaruit verklaar word dat die datief die funksies van die ablatief op hom geneem het. Gedeeltelik is dit daaraan toe to skryf dat die Goot 'n ander voorstelling het tov die begrippe “beweging na toe” en “rus”³³. Dit alles toon dat ons hier te doen het met iets wat aan got. eie was.

'n Bestudering van die got. Casus sal altyd weer daartoe lei dat Ulfilas se selfstandigheid en sorgvuldige taalkeuse erken word³⁴.

II. Grammatikale verskille van algemene aard

- (i) sabbato daga (v 21) is ekv. teenoor die mv. van himins in v 10 gebruik, netsoos in die gr.
- (ii) Die genitief van die gr. persoonlike vnw. word in got. soms met die b.nw. wat van die gen.van die persoonlike vnw. afgelei is, weergegee (die sg. “Possessivpronomina”³⁵. So inv 2: aggilu meinana = τον αγγελον μου, v 5: frawaurhtim seinaim = τας αμαρτιας αυτων. Daarnaas staan die genitief doodgewoon in v 22: laiseinai is = τη διδαχη αυτου; v 23, swnagogen ile (αυτων) en v 31. Omdat al die voorbeelde van die afwisseling in ons hoofstuk by die voornaamwoord van die derde persoon voorkom, moet ons die rede vir die wisseling daarin vind dat die pronomens possessivum van die derde persoon 'n refleksiewe karakter het en altyd terugverwys na die onderwerp van die sin. So sê frawaurhtim seinaim dat hulle hul eie sondes bely het, wat αυτων nie noodwendig uitdruk nie³⁶.
- (iii) Soms vertaal Ulfilas 'n ptc. met 'n verbum finitum – wat sowat die normale weg in Germaans is. παρασαν (v 26) word weergegee deur tahida³⁷. In v 6 word die hele sinsverbinding aan 'n wisseling onderwerp, net omdat die gr. ptc. in die tweede geval deur 'n verbum finitum weergegee is: εσθιων matida³⁸. Vir die gr. is εσθιων aan die leun teen ην aan die begin van die sin. Vir Ulfilas word die verband met was egter so vaag, dat hy in got. 'n newegeskikte sin laat begin (met matida as ww.), terwyl gr. 'n ondergeskikte bysin het. Hier is dus a voorbeeld van hoe Ulfilas soms die appositiewe deelwoord vermy.
- (iv) In v 38 word 'n gr. ptc. εχομενας weergegee deur 'n bywoord, bisunjane. Volgens Gering

³⁰ Vgl Ulfilas, par 264.

³¹ Friedrichsen I, p 20; Bernhardt, Zeitschr, 13, p 1, 7; van der Meer, Got. Cas. I p VI; Neophilol. I, pp 263–266.

³² Van der Meer, Got. Cas. II, pp 1 vv.

³³ Eb, par 269–271.

³⁴ Vgl bv, van der Meer, Got. Cas. II, pp 2–3.

³⁵ Braune, par 151; Vgl verder Kauffmann, Zeitschr. 48, p 10; Grimm, DG IV, pp 339–340; Wright, par 263, 431.

³⁶ Vgl Stamm, Vorschule Zum Ulfila, pp 62–63, en Feist, Einführung, p 17.

³⁷ Vgl Gering, aw p.394.

³⁸ Stolzenburg, p 382.

kan die lesing egter berus op die lesing εις τας εγγυς κωμας in 'n ander gr. manuskrip³⁹.

- (v) In 'n paar gevalle word die gr. verbale adjektief deur 'n got. b.nw. weergegee⁴⁰: v 11 αγαπητος – liubs, v 23, 26, 27: ακαθατος – unhrains. Behalwe dat daar grammatikaal 'n verskil is tussen die verbale adjektief en die got. b.nw. is daar nie juis verder verskil tussen die twee nie. Αγαπητος het bv alreeds tot 'n gewone b.nw. verstar⁴¹. Ulfilas se weergawe is dus goed.
- (vi) In v 44 het gr. υπαγε σεαυτον δειξον. Volgens Stolzenburg⁴² staan hier twee gr. imperativi asindeties naas mekaar, en hy vind dan 'n voorbeeld van Ulfilas se vernuf daarin dat hy die tweede imperatief met 'n tweede met 'n infinitief vervang. Dis egter duidelik dat ons hier nie juis van twee imperativi kan spreek nie, omdat υπαγε al feitlik die krag van 'n interjeksie (ιδε) het. Grimm weer het gemeen dat die konstruksie gagg thuk silban atanangjan min of meer gelykstaan met die gamt fragistjan (v 24) en fralailot rodjan (v 34), dws gaggan word as hulpwerkwoord gebruik⁴³. Die feit dat gagg hier egter 'n imperatief is en nie 'n indikatief soos in die ander voorbeelde deur hom aangehaal nie, maak die opvatting ook onmoontlik. Ons sal moet aanneem dat Ulfilas nie die gr. υπαγε as interjeksie reg opgeneem het nie, en toe die geheel weergegee het asof ινα daarin voorkom, dws as 'n doelsin: gaan om jousef te toon.
- (vii) 'n Wisseling in konstruksie vind ook Plaas in v 11 omdat ω van gr. weergegee word met thuzei. Op die wyse word die hele konstruksie in got. persoonlik terwyl dit in gr. onpersoonlik was⁴⁴. Dis egter ook moontlik dat ons Streitberg se Vorlage hier sal moet wysig en σοι lees i.p.v. ω⁴⁵.
- (viii) In die veelbesproke usluknans van v 10 het ons die geval waar got. b.nw. uslukna staan vir 'n gr. ptc. bernhardt het op voetspoor van Gabalentz-Löbe die lesing uslukanans in die plek daarvan gestel, en merk in sy glossarium op dat hy uslukanans as 'n skryffout beskou⁴⁶. Heyne en Wrede doen dieselfde en so ook Braune⁴⁷. Andere het die lesing usluknandans voorgestel⁴⁸.

Trautmann gaan van die standpunt uit dat die lesing usluknans van Codex Argenteus gehandhaaf moet bly. Hy beweer dat die deelwoord en b.nw. in the idg. tale baie naby mekaar staan, en dat Ulfilas se weergawe dus geregverdig sou wees. Om sy standpunt te staaf, haal hy 'n hele aantal voorbeelde aan waar die gr.ptc. met 'n b.nw. in got. weergegee word. Dis onnodig om hier daarop in te gaan, omdat dit per slot van rekening voor die hand liggend is. (vgl Markus 2:17, 10:30 ens) Trautmann beweer egter dat daar ook nog 'n ander goeie rede vir Ulfilas was om usluknans hier te verkies bo uslukanans. In die ptc. word daar nog die beweging van die oop-gaan uitgedruk. In die b.nw. is die oop-wees reeds daar. Gasahw usluknans = "er sah die Himmel offen." Trautmann vind dan hierin "ein weiterer beweis dafür, wie fein Wulfila übersetzt, wie er nuanciert, überhaupt dem griechischen texte frei gegenübersteht."⁴⁹ Ook Streitberg aanvaar die lesing van die Codex Argenteus met die

³⁹ Gering, aw, p 318.

⁴⁰ Ibid, p 302.

⁴¹ Vgl Walter Bauer, Wörterbuch zum NT, s.v.

⁴² Aw, p 302.

⁴³ Grimm, DG IV, pp 96, 97, 98.

⁴⁴ Vir die vorm, vgl Braune, par 158; vir die konstruksie: Grimm, DG IV, p 2–34.

⁴⁵ Vgl die lesing by Nestle, Greek New Testament.

⁴⁶ Vgl Vulfila (1875) en Die Got. Bib. des Vulfila (1834)

⁴⁷ Ulfilas t.p.; Braune, p 129. Vgl ook Gering, aw, p 299.

⁴⁸ Vgl weergawe by Trautmann, Zeitschr. 37, p 253 en Uppström in sy Codex Argenteus.

⁴⁹ Vgl Zeitschr. 37, pp 253 vv.

uiteensetting van Trautmann⁵⁰.

Tog sou dit vreemd wees dat Ulfilas hier so ver van die gr. afwyk. Dit gaan in die eerste plek tog nie om die vraag of hy 'n b.nw. vir 'n gr. ptc. gebruik nie, maar of dit in hierdie bepaalde geval waarskynlik is dat hy dit kon gebruik het. Nadat ons vroeër uitvoerig nagegaan het hoe akkuraat Ulfilas probeer wees in sy weergawe van die gr. aspek, is dit al klaar vreemd dat hy hier so 'n groot verskil sou maak. Kapteijn, wat ook die lesing usluknans, aanvaar, erken ook die verskil, maar sê dat dit tog 'n poging van Ulfilas is om die gr. so goed as moontlik weer te gee⁵¹. Hierin moet ons van hom verskil. Usluknandans of uslukandans gee die gr. beter weer. (Vgl Statevertaling: “zag hij de hemelen opengaan,” Prof Brouwer: “zag hij de hemelen zich openen,” Luther: “dasz sich der Himmel aufthat”) Volgens Streitberg se Vorlage en ook die vasstelling van andere bv Bernhardt, het die gr. manuskrip waarvan Ulfilas gebruik gemaak het die lesing σχιζομενους (netsoos die Textus Receptus). Indien dit so is, is die weergawe met uslukan vreemd en moontlik geïnspireer deur die ou Latynse vertalings⁵². (Vgl Vulgaat: vidit coelos apertos) Intussen lyk dit die beste om die wysiging uslukanans te aanvaar⁵³.

⁵⁰ Vgl GB, t.p.; Eb, par 320.

⁵¹ Kapteijn, IF, 29, p 306.

⁵² Vgl Bernhardt, Vulfila, t.p.

⁵³ Vgl ook Wright, p 210.

PARAGRAAF IV

WEERGAWE WAAR DIE BEGRIPSFEER NUUT IS EN BETEKENISVERSKILLE

(a) Weergawe waar die begripsfeer nuut is.

Die taal van die Bybel het 'n spesifieke karakter. Daar kleef 'n atmosfeer aan. Dit is vir die gelowiges 'n middel om heilige dinge aan te dui. Ons kan dit in 'n sekere sin taal van die "mite" noem, as die woord reg verstaan sal word. Dit bevat dus 'n verborge sin. Talle betekenis skemer aan die rande van die woorde deur. Woorde kan buite en binne die Bybel wyd uiteenlopende betekenis hê, omdat dit in die Bybel in die liturgiese, sakramentele of ander sfere ingetrek word.

Ulfilas moet nou die got. taalgebruik om religieuse begrippe wat vantevore grotendeels vreemd was, uit te druk. Dat hy geredelik by die aan hom bekende Oosters-Semitiese element van die gr. Bybeltaal sal aansluit, spreek vanself¹. Voorbeelde hiervan is amen, swnagogen ens, wat netso oorgeneem word. Tog gaan dit vir Ulfilas in die eerste plek daarom om die Bybel got. te maak. Uit die eie taalskat word so veel as moontlik geput. Dat die woorde dan betekenisverandering ondergaan, is net natuurlik. Ons wil uit Mk 1 enkele voorbeelde neem om dit te illustreer.

- (1) Guth vertaal ο θεος. Dis 'n neutrum² en dui die "Goddelike" aan. Ulfilas gebruik nou die woord vir die persoonlike God van die Christendom³, en omdat God dáár as manlik gedink word, voeg hy manlike predikate guth. Wanneer daar in oordragtelike sin van gode gespreek word, (Johannes 10:34–35), of van die heidense afgode (Gal. 4:8) word die neutrum pluralis nog gebruik⁴.
- (2) Frawaurhts is 'n term aan die Germaanse reg ontleen, en "bezeichnet die Tat, durch welche der Friedensbruch begangen wird."⁵ Die Bybelse betekenis van sonde was vir die Germane natuurlik vreemd. Die betekenis van frawaurhts is egter in die got. Bybelvertaling so uitgebrei dat dit nie net verkeerd werk beteken (vgl missataujan in Galasiërs 2:18) maar alreeds die geestelike opvatting v Romeine 14:23 weerspieël⁶.
- (3) Thiudangardi beteken oorspronklik koninklike paleis. In v 15 vertaal dit βασιλεια του θεου. Die konkrete word dus in die plek gestel van die abstrakte⁷.
- (4) Daupjan beteken oorspronklik "eintauschen"⁸. Word dit deur Ulfilas in hierdie verband gebruik (v 4, 9 ens) dan kry dit 'n „sakramentele betekenis wat selfs gebruik kant word van die "doop" met die Heilige Gees. (v 8).
- (5) Netso is die woord idreiga (v 4) aan Germaans bekend, met die betekenis van berou⁹.

Die spesifieke betekenis van boete (Buzze) was egter vir die Germane vreemd en kom uit die Joods-Christelike sfeer¹⁰.

¹ Kauffmann, Zeitschr. 48, p 8.

² Eb, par 133, 1; 145, 4;

³ Feist, Einführung, by Markus 1:1.

⁴ Kauffmann, aw, pp 11, 46; vgl Feist, Wtb. s.v.

⁵ Feist, Einführung, p 18.

⁶ Kauffmann, aw, p 377.

⁷ Kauffmann, Zeitschr. 49, p 44 en Feist, Einführung, p 16.

⁸ Kauffmann, ibid, p 30; Feist, ibid, p 17.

⁹ Feist, Einführung, pp 17–18. Vgl Streitberg, Wbd, s.v.

¹⁰ Feist, Einführung, p 18.

- (6) Haitjan beteken in got. roep, soos nog blyk uit Markus 14:11 waar gahaitan gebruik word. Gahait word gebruik vir 'n belofte in Bybelse sin, (Rom.9:4 ens) en andahait, = erkenning van die Christelike waarheid (Kolossense 1:12–20). Andhaitan (Markus 1:5) het sterk betekenisbeperking ondergaan en beteken slegs bely¹¹ (Vgl egter ook Titus 1:16 en Matteus 7:23).
- (7) Galaubian beteken oorspronklik hoogag (Daar 'n sterk verband met liuban –liefhê). In Markus 1:15 staan die betekenis glo reeds heeltemal vas¹².
- (8) Himins is natuurlik 'n Germaanse woord. In die mv. gee dit egter oupavoi weer wanneer die geestelike betekenis op die voorgrond staan – iets wat aan Germaans vreemd was¹³. In v 10 het ons 'n eenaardige vermenging van die letterlike en die geestelike betekenis.
- (9) Laiseins beteken volgens Kauffmann gewoon-weg leer in die sin van profane woorde¹⁴. Dis egter duidelik dat die betekenis van “onderrig in die dinge aangaande God” daarin betrokke is, netsoos in Johannes 18:19 ens
- (10) in die gebruik van hrains en unhrains in v 23, 40, 41, 43, blyk reeds die spraakgebruik van die Joodse reinigingskultus en reinigingswette – iets wat uit die aard van die saak in Germaans vreemd was.
- (11) Waldufni het in v 22 die betekenis van 'n wondermag. Daarin is 'n betekenisverenging te sien¹⁵.
- (12) In sommige gevalle skemer dit deur dat 'n woord tevore reeds in die religieuse taal van die Germane gebruik is, maar nou 'n nuwe betekenis kry. So is gudja (v 44) oorspronklik 'n heidense priester¹⁶. Dis ook nie onmoontlik nie dat weiha gudis (v 24), 'n ou Germaanse begrip is wat nuwe gevoelswaarde kry¹⁷.

Naas hierdie voorbeelde van hoe Ulfilas die Germaanse woordeskat aangewend het om Bybelse begrippe weer te gee, moet ons 'n aantal ander stel waarin die vreemde woord behou is. Hier moet ons noem aggilus (v 2), Satana (v 13: hier egter as eienaam gebruik). Sabbatho (v 21), swnagogon (v 21) – woorde waarvoor Ulfilas nie 'n geskikte Germaanse ekwiwalent kon vind nie. Die aantal leenwoorde wat hierby gereken kan word, is egter kleiner as by ander ou vertalings¹⁸.

Soms wissel Ulfilas 'n leenwoord met 'n Germaanse woord af. So 'n voorbeeld het ons in aiwaggeljo (v 2, 14, 15) wat afwissel met wailamereins (I Korintiërs 1:21 en elders) of mereins (I Korintiërs 15:14 en elders). Die vreemde woord is in hierdie geval gehandhaaf omdat dit 'n spesifieke betekenis het wat nie deur die inheemse woord weergegee kan word nie. Wailamereins word gewoonlik gebruik om κηρυγμα mee weer te gee, netsoos ook mereins. Die heilsboodskap, ευαγγελιον¹⁹ is egter heeltemal iets anders as die κηρυγμα, prediking, wat wel die heilsboodskap tot inhoud het, maar ook wyer kan wees. Marjan is gewoonweg preek

¹¹ Kauffmann, Zeitschr. 48, p 282.

¹² Kauffmann, Zeitschr. 49, p 16.

¹³ Ibid., p 46; Feist, Wbd, s.v.

¹⁴ Kauffmann, ibid, p 382.

¹⁵ Kauffmann, ibid, p 384.

¹⁶ Vgl Feist, Einführung, p 28.

¹⁷ Kauffmann, Zeitschr. 49, p 55.

¹⁸ Vgl Friedrichsen I, pp 35 vv; Jellinck, Geschichte der Got. Sprache, pp 177 vv; Kluge, Grundriss I pp 99 vv; Gaebeler, Zeitschr. 43, pp 1 vv; van der Meer, Fremdwörter im Gotischen, Neophilol. 14, pp 286–291.

¹⁹ Vgl Deismann, light from the Ancient East, pp 336 vv wat sê dat die woord oorspronklik net 'n goeie tyding beteken het, en in die sin gebruiklik was in die Ooste. Ook gr. ondergaan dit dus al 'n betekenisverandering wanneer dit in die NT gebruik word.

en sê nie wat gepreek word nie, en netso kan mereins en selfs wailamereins nie εὐαγγελιον presies dek nie²⁰. Jellinek probeer op klankwettelike gronde bewys dat aiwaggeljo 'n leenwoord is wat reeds voor the tyd van Ulfilas onder die Gote bekend was²¹. Indien dit so is, is dit nog meer verstaanbaar dat die woord 'n spesifieke gevoelswaarde sou hê wat nie in wailamereins opgesluit was nie.

'n Ander voorbeeld hiervan vind ons in δαιμονιζεσθαι wat soms deur unhulthons haban weergegee word (v 32) en soms deur daimonarjan (Matteus 8:16). Kauffmann meen dat dit geskied omdat Ulfilas rekening hou met 'n jonger taallaag waarin die Hellenistiese woord goed bekend sou gewees het²². Dit is natuurlik heel goed moontlik. Dit is in hierdie verband ook interessant om daarop te let dat Ulfilas die Germaanse woord unhultha anders aanwend as die leenwoord. diabaulus. Unhultha (naas unhultho, vroulik) dui in die oud-Germaanse volksgeloof die rondwalende, skadelike geeste van afgestorwenes aan.

(Etimologies hang unhultha nou saam met unhold onrein.)²³. Ulfilas gebruik nou die woord om die gr. δαιμονες, demone, bose geeste weer te gee. So kom dit vir die uitdrukking δαιμονιον εχειν telkens voor (vgl Johannes 7:20, 8:48, 52, 10:20 ens) en unhulthons haban word ook gebruik (Markus 1:32) vir δαιμονιζεσθαι. Ook in v 34 en 39 vertaal dit τα δαιμονια. Daarteenoor word die vreemde woord behou in die betekenis van die duiwel as 'n spesifieke persoonlikheid, wat vir die Goot natuurlik 'n vreemde begrip was, vgl Johannes 6:20, 8:44, Lukas 4:3, 6:13. (Vgl ook Satana, v 13) waar steeds diabaulus staan. Hier moet ons weer opmerk dat Ulfilas se vertaling soms beslis beter is as die A. V. vgl Johannes 8:48 waar die AV δαιμονιον met “die duiwel” vertaal, terwyl Ulfilas dit korrek weergee met unhultho²⁴.

(b) Betekenisverskille tussen got. en gr.

In Markus 1 kom daar ook enkele gevalle voor waar die got. weergawe nie presies ooreenstem met wat daar in die gr. gesê is nie. Dit kan soms die gevolg wees van 'n mate van interpretasie wat noodwendig in elke vertaling tot uitdrukking kom. Ons noem hier slegs enkele gevalle wat nie reëls elders (bv onder aspek, casus, ens) bespreek is nie.

- (1) In v 28 word bisitands gebruik om περιχωρον weer te gee. Bisitands beteken egter bure, terwyl περιχωρον die omgewing aandui²⁵. Het Ulfilas geen woord gehad om περιχωρον mee uit te druk nie, of staan bisitands hier onder invloed van Lukas 1:58? Die vertaling met bisitands (omwonendes) is egter baie aanskoulik, omdat die gerug tog onder die inwoners van die stad versprei het.
- (2) In v 4 word gesê dat Johannes die loop van bekering verkondig het du aflageinai frawaurhte (vir its εις αφεσιν αμαρτιων) Aflageins kom net hier voor en is 'n vreemde weerawe van αφεσις wat gewoonlik met aflet of fralet weergegee word. (Vgl Lukas 1:77, 3:3 ens) Stolzenburg noem dit 'n foutiewe vertaling²⁶, en Friedrichsen vermoed dat dit kan afkomstig wees van 1 Petrus 3:21 waar staan: βαπτισμα ου σαρκος αποθεσις ρυπου²⁷.
- (3) μετανοια word weergegee deur idreiga wat boete beteken²⁸. Die gr. dui egter 'n sinsverandering aan wat nie in die begrip boete ten volle gevat word nie. Dit hang egter saam met die teologiese denkbeelde van Ulfilas se tyd, vgl die

²⁰ Vgl Kuaffmann Zeitschr. 48, pp 197–198; van der Meer, Neophilol. 14. pp 290–291.

²¹ Gesch. der Got. Sprache, p 188.

²² Kauffmann, Zeitschr. 48, p 168.

²³ Feist, Einführung, p 26.

²⁴ Vgl prof Pistorius, Die Evangelie van Johannes, p 158.

²⁵ Vgl Feist, Wtb., s.v.; Braune, par 115.

²⁶ Stolzenburg, aw, p 359.

²⁷ Friedrichsen, I, pp 115 en 231–232.

²⁸ Vgl Streitberg, Wbd. s.v.; Kaufmann, Zeitschr, 49, p 53.

Vulgaat: poenitentia. Eers Luther het weer die ware sin van μετανοια reg begryp.

- (4) In v 10 vind ons die samestelling us-gaggands teenoor gr. αναβαινων. Terwyl gr. die voorstelling van opklim uit die water gee, dui got. meer algemeen net die uitgaan uit die water aan.
- (5) In v 33 lees got. jah so baurgs alle garunnana was at daura, terwyl in gr. staan: και η πολις ολη επισυνηγμενη ην ens. Got. gebruik die deelwoord van rinnan, hardloop en die samestelling met ga- maak dit tot saamhardloop, bymekaarhardloop²⁹. Die woord dien in Lukas 5:15 om συνηρχοντο weer te gee. In got. lê iets meer as in gr. Daar in meer beweging uitgedruk en selfs iets van die opgewonde saamstroom van mense wat Jesus graag wil sien.
- (6) In v 38 staan gam as weergawe van gr. εξηλυθα volgens prof Groenewald sien laasgenoemde op die koms van Christus uit die hemel³⁰. Die verband gee ons, egter die reg om aan te neem dat Christus spreek van ay uitgaan uit Kapernaum³¹. Dis bekend dat die Vaders hierdie woord verstaan het van Christus koms uit die hemel. Moontlik het Ulfilas dit ook so opgeneem, on toe nie juis raad geweet met die begrip uit nie. Hy vertaal ερχεσθαι dikwels met qiman³², en gee en gee hier dus glad nie die preposisie weer nie.
- (7) συζητειν προς αυτους word in v 27 weergegee met sokidedun mith sis missio. In die gr. word 'n wederkerige handeling uitgedruk. (Hulle het hulleself afgevra). In got. word egter 'n resiprokale handeling uitgedruk (Hulle het mekaar gevra.)³³
- (8) In v 27 word τι εστιν τουτο, weergegee met hwa sijai thata? Volgens Bernhardt het ons hier 'n potensialis³⁴. Is dit nie moontlik dat ons hier iets het soos die Latynse deliberatiewe konjunktief wat in vraagsinne byna wanhoop uitdruk nie?
- (9) In v 25 dien andbait om επιτιμησεν weer te gee. Die praet. van andbeitan wat eintlik beteken uitskel, bedreig en afgelei is van beitan, byt. Die uitdrukking in got. is dus skerper as die Griekse.
- (10) Die uitdrukking thrutsfill hatbands is moontlik 'n eie skepping van Ulfilas wat aangewend word om λεπρος mee te vertaal. Dit beteken min of meer: "iemand wat 'n knoppiesvel het."³⁵
- (11) In v 12 vertaal Ulfilas εκβαλλει met ustauh. Ook in die Vulgaat staan expulit. Sedertdien het die weergawe ingang gevind in byna alle vertalings. So vertaal ook Luther: "und bald trieb ihn der Geist in die Wüste." Prof Groenewald aanvaar die A.V. se uitdruif en se dat die Gees Jesus "byna gewelddadig" uitstoot na die Woestyn³⁶. Βαλλειν se betekenis is egter in die NT gr. reeds baie verswak, sodat dit bloot uitlei kan beteken³⁷. Ulfilas se vertaling staan hier blykbaar onder invloed van die ou Latynse vertalings, want in v 43 gee hy εξεβαλεν heel tereg. weer met ussandida.
- (12) Die weergawe van καταδιωξει met galaista wairthan in v 36 laat veel van die snelheid wat daar in die gr. werkwoordvorm opgesluit lê, verlore gaan. Καταδιωξει = "to hunt down"³⁸ en beteken dat hulle oral gesoek het. Die betekenis-skakering kom in got. nes in die AV,

²⁹ Vgl vir die kollektiewe betekenis van ga-: Bernhardt, Zeitschr. 2, pp 158 vv.

³⁰ Markus, p 40: so ook Klostermann, Leitzmanns Handbuch II, t.p.

³¹ Vgl ook Gould, in I.C.C., St. Mark, t.p. en Expositors Greek Test t.p.

³² Vgl Friedrichsen, I, p 50.

³³ Vgl Stolzenburg, aw, p 186.

³⁴ Zeitschr. 8, p 9; Vgl Eb, par 308.

³⁵ Vgl Feist, Einführung, p 27.

³⁶ Markus, p 30.

³⁷ Blaszk-Debr. par 126, 2; Prof Pistorius, Die Studiekering 1, 1, p 21 vv.

³⁸ Moulten, p 116.

nie tot uitdrukking nie. (Vgl ook Grimm-Thayer se weergawe wat min of meer met die A.V. ooreenstem.)

PARAGRAAF V

WEERGAWE MET AANWENDING VAN STYLMIDDELS

Dit word seker van 'n vertaling verwag dat dit die styl van die oorspronklike sco na as moontlik moet behou. Ulfilas het, deur sy getroue weergawe van die gr. seker uitstekend hierin geslaag. Tog is daar sekere sekere geleerdes wat beweer dat Ulfilas sekere stylmiddels in sy vertaling aangewend het om dit welluidend te maak en dit aan te pas by die epiese volkskuns van die Germane, om so sy werk beter ingang te laat vind.

So wy Kauffmann in sy reeks artikels “Der Stil der Gotischen Bibel”³⁹ en Stolzenburg in sy “Uebersetzungstechnik des Wulfila”⁴⁰ veel tyd aan die bespreking van dergelike stylmiddels wat Ulfilas sou aangewend het. Ons bespreek hier enkele gevalle wat op Markus 1 van toepassing is:

(a) Alliterasie

In Markus 1 kom twee duidelike gevalle van alliterasie voort: v 7: skaudaraip skohe en v 40 kniwam knussjands⁴¹. Dit sou dan voorbeelde wees van hoe die vertaler aangepas het by die Germaanse volkseie. Daar is ongetwyfde veel verbeeldingskrag nodig vir so 'n argument. Dit is nie juis duidelik wat Ulfilas anders kon geskrywe het as skaudaraip skohe nie. Die alliterasie wat daar wel voorkom, kan as toevallig beskou word. Dit is deel van die musikale klank van die taal. Dat dit egter doelbewus deur Ulfilas aangewend sou wees, is – wat die gevalle van Markus 1 betref – moeilik om te glo (Vgl ook die herhaling van ith in milith, haithiwisk, v 6, ens).

Van kniwam knussjands beweer Stolzenburg dat die kniwam 'n invoeging is, spesiaal terwille van die alliterasie⁴². Dit was ook die standpunt van meer as een ondersoeker⁴³. Die gedagte was dan dat kniu reeds in knussjan opgesluit lê, en dat dit dus 'n goeie weergawe van γονυπετειν is. Dit is egter onjuis. In knussjan is daar etimologies niks van kniu te vinde nie, en volgens Kogel beteken knussjan net: “Stellung des Bittenden annehmen,” en is eintlik “sich hin und her winden wie es der demütig Bittende zu tun pflegt.”⁴⁴ In Markus 1:17 kom kniwam ewenwel nie by knussjan voor nie, maar Streitberg beskou dit as 'n swakker weergawe van die gr. Die kniwam in Markus 1:40 kan kan nie as 'n invoeging beskou word nie, maar bloot as 'n noodsaaklike woord om saam met knussjan die gr. γονυπετειν weer te gee⁴⁵.

Ook hier is die alliterasie dus bloot toevallig, en ons kan dus niks van Ulfilas se aansluiting, by the styl win die ou-Germaanse epiek aflei nie⁴⁶.

(b) “Wiederholung”

Hiervan sê Kauffmann: “Das Stilgesetz der Wiederholung zerlegt sich in die beiden Hauptstücke der Wortwiederholung und der Satz wiederholung.”⁴⁷ Die doel van die herhaling sou dan wees om die taal geskik te maak vir liturgiese gebruik⁴⁸. Die voorbeelde wat hy

³⁹ Zeitschr. 48, pp 7 vv en 49, pp.11 vv.

⁴⁰ Zeitschr. 37, pp 145-193, 352–392..

⁴¹ Vgl Stolzenburg, aw, pp 374 vv en Kauffmann, Zeitschr. 48, p 170.

⁴² Aw, 372.

⁴³ Vgl by Streitberg, IF.23, pp 117 vv.

⁴⁴ Kogel, PBB. 7, p 178.

⁴⁵ Streitberg, IF.23, pp 118–119.

⁴⁶ Vgl Freidrichsen I, p 69 vv wat by ander gevalle tot dieselfde slotsom kom en Kapteijn, aw, p 342.

⁴⁷ Zeitschr. 48, p 26.

⁴⁸ Ibid., pp.11–18.

aanhaal, oortuig egter nie. Om 'n voorbeeld te noem: In Markus 3:24–26 sou die woorde jah Jabai, withra sik gadailjada en ni mag standan gedurig herhaal word⁴⁹. Vgl ons dit egter met die gr., dan besef ons weer dat Ulfilas tog nie anders kon as om die woorde te herhaal nie, aangesien die herhaling tog reeds in gr. voorkom. Ook hier is dus geen voorbeelde te vind van Ulfilas se aanwending van stymiddels nie.

(c) “Wechsel im Ausdruck.”

Van hierdie sg. stymiddel maak sowel Kauffmann as Stolzenbrug veel⁵⁰. Ook hierin meen Kauffmann 'n voorbeeld te sien van die aansluiting van Ulfilas by die ou-Germaanse epiek. Stolzenburg verstaan daaronder “die Neigung des Uebersetzers mit dem. ausdrück zu wechseln, dadurch dass er entweder verschiedene Wörter mit einander wechseln lässt, oder verschiedene Satzformen.”⁵¹ Dit is beslis to globaal gestel, en Friedrichsen het in 'n mate reg om sy kritiek skerp te stel: “The inclusion of the last two kinds of “wechsel im Ausdruck” indicates the zeal with which every deviation from the most slavish glossing is pressed into service to illustrate a Gothic “Stileingenheit”; even idiomatic and syntactic necessities are not excluded.”⁵²

Tog kom daar ook in Markus 1 enkele gevalle voor waar die vertaler dieselfde gr. woord met verskillende got. woorde vertaal het, en die wisseling kan soms miskien verstaan word as 'n poging wat Ulfilas aangewend het om eentonigheid te vermy. Meestal sal daar egter 'n mate van betekenisverskil by die wisseling betrokke wees.

- a) In v 16 en 17 word αλεις verskillend weergegee deur fiskjans en nutans. Blykbaar is dit sinonieme. Dis egter nie onmoontlik dat daar vir Ulfilas nog 'n fyn betekenisverskil tussen die twee woorde bestaan het nie. Nuta is afgelei van niutan en beteken moontlik meer in die algemeen vanger, terwyl fiskja net van 'n visser gebruik kan word. Nutans pas dan ook beter as die “vangers van mense!”⁵³
- b) In v 35 word εξηλθον en απηλθεν deur twee verskillende werkwoorde weergegee: usiddja en galaith, terwyl ηλθον in v 29 met gemum weergegee word. Ook hier sal die afwisseling nie bloot stilisties wees nie, omdat verskil in aspek en betekenis ter sprake kom.
- c) In Markus 1:22 word ως wat tweekeer voorkom, eers deur swe en daarna deur swaswe weergegee⁵⁴. Die verskil bestaan egter reeds in gr. Die eerste ως = asof, die tweede = soos. Die eerste stem ooreen met καθαπερ wat steeds by 'n werkwoord voorkom. Ulfilas het die fyn verskil raakgesien, en in got. oorgedra. Stolzenburg self vermoed ook dat die twee got. partikels vir die Goot nog onder verskillende omstandighede verskillende waarde gehad het, en dat dit die afwisseling veroorsaak het⁵⁵.
- d) εγενετο word in v 4 met was, in v 9 met warth en in v 11 met qam vertaal. Ook hier is the afwisseling die gevolg van die verskil in betekenis wat uit die verband spreek, deur Ulfilas so getrou as hy kon (met uitsondering van v 4) weergee is. Die derde geval is bv wesensverskillend van die in v 9. Eenvormigheid sou baie dodelik wees. (vgl egter die Statevertaling wat die Hebreeuse יח'ינן gr. εγενετο deurgaans met “het geschiedde” weergee! Vgl Genesis 15:1, 15.)
- e) βαλλειν vind begryplikerwyse ook verskillende weergawes in die hoofstuk. In v 12 heet εκβαλλει uswarp netsoos βαλλοντας in v 16 weergegee word met wairpandans, terwyl in v 43 εξεβαλεν weer ussandida teenoor hom het. Die verskil in weergawe hang saam met die die verskil in betekenis, en kan dus nie beskou word as deur stilistiese oorwegings

⁴⁹ Ibid. p.74.

⁵⁰ Kauffmann, Zeitschr. 48, pp 181 vv; Stolzenburg, Zeitschr. 37, p 376.

⁵¹ Ibid. ald. Vgl ook Kapteijn, aw, pp 343 vv En 353 vv.

⁵² Friederichsen, I, p 70.

⁵³ Vgl Feist, Wtb. s.v. Streitberg, Wtb. s.v. Vgl Stolzenburg, aw, p 378.

⁵⁴ Stolzenburg, aw, p 379.

⁵⁵ Aw, p 379.

geïnspireer nie.

Naas hierdie voorbeelde van verwisseling, staan daar egter ook 'n aantal gevalle waar dieselfde got. woord twee of meer verskillende gr. woorde weergee.

- (1) In v 2 word faura gebruik om sowel προ προσωπου as εμπροσθεν weer te gee. In die eerste geval kan dit 'n vrye vertaling heet. Voor U aangesig is 'n Semitiese biblisme wat nog tot vandag toe in vertalings voortleef.
- (2) κατασκευαζειν (v 2) ετοιμαζειν (v 3) en καταριζειν (v 19) word deur dieselfde got. ww., manwjan weergegee. Die woorde beteken in gr. nagenoeg presies dieselfde.
- (3) In v 20 en 21 word απηλθον, εισπορευονται en εισελθων weergegee met galeithan(ds). Dis 'n voorbeeld van onnoukeurige vertaling.
- (4) afletan moet in v 24 εαν weergee en in v 20 αφιεναι. Vgl ook v 34. Daar is feitelik geen verskil in betekenis tussen die twee gr. woorde nie.
- (5) Ook συζητειν en ζητειν beteken nagenoeg dieselfde en kan dus in v 27 en 37 deur sokjan weergegee word.
- (6) gagqan vertaal soms αγειν (v 38), meestal egter ερχεσθαι (v 25, 29, ens)
- (7) anabiudan vertaal sowel επιτασσειν as προστασσειν (v 27, 44) Daar is geen verskil in betekenis van die twee gr. woorde nie.
- (8) hwarbon (v 16) vertaal παραγειν sowel as περιπατειν (Markus 11:27, Johannes 7:1) daar is geen betekenisverskil tussen die twee gr. woorde nie.⁵⁶

⁵⁶ Vgl Klostermann in Lietzmanns Handbuch II, p 11. Vir die betekenis van al die gr. woorde hier genoem, vgl Walter Bauer Wtb. zum NT en Grimm-Thayer, Greek-English Lexicon of the NT vgl ook Stolzenburg, aw, pp 382–383 vir dergelike gevalle.

PARAGRAAF VI

(a) WOORDORDE, INVOEGINGE, WEGLATINGE

Oor die ooreenstemming van die got. woordorde met dié van die gr. teks is daar veel geskryf. 'n Goeie opsomming van al die standpunte vind ons by Stolzenburg¹. Daaroor stem almal ten minste saam, dat die got.die gr. so na as moontlik volg. Friedrichsen kom tot die gevolgtrekking: "We may say, then, that the Gothic translator has followed the principle of verbum de verbo to a point beyond which complete symmetry would become intolerable and the resulting translation unintelligible." Hy sluit by Kauffmann aan wat sê dat die Got. Bybel "ohne die Quellen unverständlich" is².

In Markus 1 vind ons voldoende grond om die persone in 'n groot mate gelyk te gee. Afgesien van die lidwoord wat in gr. heelwat meer as in got. voorkom, hou die got. deurgaans aan die :gr. woordorde. Soms is die gedagte onweersaanbaar dat die got. taaleie deur noukeurige navolging geweld aangedoen word. Dit is bv die geval waar $\tau\iota\ \eta\mu\iota\nu\ \kappa\alpha\iota\ \sigma\omicron\iota$ netso letterlik weergegee word : hwa uns jah thus (v 24.) Die ooreenstemming met gr. laat bv in v 29 'n sinsbou ontstaan wat in got. lomp voorkom: gemun in garda Seimonis jah Andraias mith lakobau jah loannen. Vir ons taalgevoe¹ moet lakobau jah loannen net na gemun staan (vgl AV en vertaling van Canisius). Dat Ulfilas egter met die woordorde soos hy dit nou het, die got. taaleie verkrag het, kan ons allermins sê. Ook baie moderne vertalings volg die gr. woordorde presies na (vgl Statevertaling, Lutherse vertaling, vertaling van prof Bouwer en die nuwe vertaling van die Nederlandse Bybelgenootskap).

Om aan te toon in hoeverre Ulfilas die gr. woordorde probeer volg het, kan ons die volgende noem:

(1) $\sigma\tau\iota$ voor die direkte rede word steeds deur Ulfilas weergegee met thatei, sonder dat die direkte rede in die indirekte rede verander word, soos ons moderne taalgevoel vereis (vgl v 37, 40 ens)

(2) In v 13 lees ons: $\kappa\alpha\iota\ \eta\nu\ \epsilon\nu\ \tau\eta\ \epsilon\rho\eta\mu\omega\ \eta\mu\epsilon\rho\alpha\varsigma\ \tau\epsilon\sigma\sigma\alpha\rho\alpha\kappa\omicron\nu\tau\alpha$ wat in got. weergegee word met: jah was in thizai anthidai dage fidwor tiguns. Die gr. akk. van tydsduur word hier vervang met die got. partitiewe gen. Volgens Koppitz³, kom dit uiters selde voordat die partitiewe gen. soos hier voor die telwoord staan. Ons kan aanneem dat Ulfilas die gen. hier vooraan gestel het om aan te pas by die gr. woordorde. Weer kan ons nie sê dat hy daarmee die got. taaleie verkrag nie. In Middelnederlands is die volgorde bv gewoon: der jare tiene, der name twee, ens.⁴

(3) in v 9 vind ons die parataktiese konstruksie: jah warth in jainam dagam, qam lesus wat presies met gr. ooreenstem. Die noukeurige navolging van die gr. het ongetwyfeld die konstruksie hier veroorsaak. Ewenwel, die paratakse op sigself is nie ongoties nie. In idg. was dit baie gewoon⁵ en van daar is dit oorgedra op die dogter tale.

Van al hierdie gevalle kan ons dus sê dat die aansluiting by die gr. woordorde doelbewus is, maar nie juis in stryd met die got. taaleie nie⁶.

Die vraag is nou net: is so 'n groot mate van ooreen stemming by 'n Byybelvertaling nie iets

¹ Zeitschr. 37, pp 145 vv; Vgl verder Koppitz, Zeitschr. 32, pp 433 vv; Streitberg, Eb, par 284 en Friedrichsen I pp 15 vv.

² Friedrichsen I, pp 16 en 17; Kauffmann, Zeitschr. 14, pp 9, 10.

³ Zeitschr. 32, p 458.

⁴ Vgl Le Roux en Le Roux, Middelnedl. Gramm. par 313.

⁵ Brugmann, Vergleichende Grammatik, par 888 en Ed. SchwyszerII, pp 631–634.

⁶ Vgl Kapteijn, aw, pp 284 vv. En Gering, Zeitschr. II, p 1–3.

natuurliks nie? 'n Vergelyking van die ses Nederlandse vertalings⁷ met die gr. NT sal ons baie gou onder die indruk daarvan bring. Ons het hoërop gespreek van die woordorde van Markus 1:29. Vier van die ses vertalings bied presies dieselfde woordorde as gr. en got., en die vyfde volg dit met 'n klein omskrywing. Waarom moet die groot mate van ooreenstemming met die gr. by Ulfilas se vertaling nou juis op die spits gedryf word? Dat Ulfilas die beginsel van ooreenstemming in woordorde so streng vasgehou het, moet ook verklaar word uit die opvatting van sy tyd. Wie nugter die Vulgaat langs die gr. teks lê en alles vergelyk, sal nie meer met soveel verontwaardiging oor die groot ooreenstemming in woordorde by die gr. teks en got. vertaling spreek nie. Ten opsigte van die woordorde volg die Vulgaat die gr. seker netso noukeurig of noukeuriger as Ulfilas. Al staan Latyn dan ook nader aan gr. as wat die geval met got. is, kan dit nie as vreemd beskou word dat Ulfilas in die vierde eeu alles in sy vermoë gedoen het om so na as moontlik by die “ipsissima verba” te bly nie.

Ons moet ook onthou dat Ulfilas eintlik van got. 'n skryftaal moes maak en dat hy daarby die gr. ingedagte gehou het. ons kan dus sê dat die gr. die got. woordorde geweldig beïnvloed het, maar nie dat hier eenvoudig gr. geskryf is met Germaanse woorde nie⁸. In baie gevalle het dit vir got. eenvoudig nie veel verskil gemaak of twee woorde nou juis só om en nie andersom staan nie. In sulke gevalle verkies Ulfilas dan natuurlik die volgorde wat by gr. aansluit.

In Markus 1 is daar tog 'n aantal gevalle waar verskil in woordorde tussen gr. en got. voorkom.

(1) 'n Klein verskil word daardeur teweeggebring dat Ulfilas $\delta\epsilon$ meestal met ith weergee. Terwyl die tweede plek in die sin of sinsnede inneem, staan ith altyd eerste, vgl v 8, 14, 11, 45. So staan ook unte in v 22 voorop en nie in die tweede posisie soos $\delta\epsilon$ nie. Ook in v 8 het got. aththan ik vir $\epsilon\gamma\omega\mu\epsilon\nu$.

(2) jains staan steeds voor die s.nw. waarop dit betrekking het, selfs teen die gr. voorbeeld, by Markus 1 v 9⁹.

(3) In v 19 is die posisie van die bywoord anders as die van $\epsilon\kappa\epsilon\iota\theta\epsilon\nu$. In got. staan die bywoord, anders as in gr. gewoonlik voor die s.nw. waarop dit betrekking het¹⁰. Framis (of Franis of Prants – teks haas onleesbaar – GJD) bewys in hierdie geval dat die bywoord ook na die ww. kan staan, veral natuurlik waar twee bywoorde voorkom soos hier.

(4) In v 27 staan so laiseino so niujo vir die gr. $\eta\ \delta\iota\delta\alpha\chi\eta\ \eta\ \kappa\alpha\iota\nu\eta\ \alpha\upsilon\tau\eta$. Die eerste so het so 'n sterk demonstratiewe krag dat dit die demonstratief wat by gr. agter die b.nw. staan, in hom verenig en voor die s.nw. bly staan.

(5) In v 42 staan die subjek van die sin in got. heel voorop (thrutsfill) terwyl dit in gr. ($\lambda\epsilon\pi\pi\alpha$) heel agter staan. Streitberg vermoed dat ons hier 'n navolging van die volgorde in Lukas 15:13 het. die woordorde kom ook so voor in C (die Ephraemi rescriptus)¹¹.

(6) Die negasie speel ook 'n rol om die woordorde te wysig. So word die gr. dubbele negatief in v 44 deur 'n enkele negatief in got. weergegee¹². In v 45 word die woordorde ook gewysig deurdat die negatief in got. die neiging vertoon om so na as moontlik aan die ww., te staan¹³.

(7) In v 23 staan die adjektiewiese attribuut anders as in gr. voor die woord waarop dit slaan: $\epsilon\nu$

⁷ Uitgegee deurbrand en Seun, Amsterdam 1950.

⁸ Vgl Friedrichsen I, p 17.

⁹ Vgl Koppitz, aw, p 448.

¹⁰ Koppitz, aw, pp 460–461; Stolzenburg, aw, p 182.

¹¹ G.B., t.p.; vgl Stolzenburg, aw, p 179.

¹² Koppitz, aw, p 24; Stolzenburg, aw, p 192; Behaghel, Deutsche Syntax II, par 565 en p 68.

¹³ Vgl Stolzenburg, aw, p 182.

πνευματι ακαθαρτω – in unhrainjamma ahmin¹⁴.

Ook deur die omskrywing word die woordorde in mindere of meerdere mate gewysig.

Ons laat hier buite rekening die soort omskrywings wat bv by die weergawe van sekere werkwoordsvorme noodsaaklik is. Daarvoor is vroeër reeds gehandel. In wat ons hier “omskrywings” noem, is daar dikwels net een woord ingevoeg, ens, sodat die gevalle wat hier behandel word op die woordorde soms dieselfde wysigende effek het as die invoeginge of weglatings. Die gevalle wat daaronder ressorteer, word nie hier behandel nie.

(1) In vs 14 word ’n infinitief voorafgegaan deur ’n preposisie deur Ulfilas weergegee met ’n temporale bysin: μετα δε το παραδοθηναι Ιωαννην – ith afar thatei atqibans warth loannes¹⁵.

(2) Die abs. gen. van v 42 word in got. omskryf deur ’n temporale bysin: jah bithegath thata Iesus (ειποντος αυτου) Die weergawe van die gen. abs. geskied in got. op baie maniere. Oor die weergawe met die dat. abs. is vroeër reeds gespreek. In v 42 het ons die egte Germaanse manier van omskrywing¹⁶.

(3) Samegestelde sowel as onsamegestelde werkwoorde van gr. moet dikwels deur got. omskrywe word: v 11 ευδοκειν – waila galeikan;

v 32: δαιμονιζομενους unhulthons habands;

v 30: πυρεσσουσα : in brinnon;

v 42: εκαθαρισθη brains warth;

v 22: εκεπληττεισθαι usfilma wairthan;

v 36: καταδιωξει galaista wairthan;

Netso word λεπρος v 40, met thrutshill habands omskryf¹⁷. Wat die omskrywing van καταδιωξει met galaista wairthan betref, kan ons net opmerk dat Ulfilas die omskrywing miskien gebruik het omdat hy nie ’n woord gehad het vir volg in hierdie betekenis nie. Laistjan afar het heeltemal ’n ander betekenis en dis blykbaar al begrip van volg wat in die evangelies voorkom¹⁸.

(4) προβας word in v 19 met ingaggands framis omskryf¹⁹.

(5) In v 21 word εν τοις σαββασιν weergegee met sabbato daga. Netsoos in Nederlands en Afrikaans is die daga dus bygevoeg. Dit kan natuurlik ook weggelaat word, vgl Johannes 9:14, Markus 2:27 ens. Volgens Streitberg²⁰ staan sabbato alleen vir nominatief en datief en met die byvoeging van dags (onafhanklik van gr.) kom dit voor in die genitief en datief enkelvoud en datief meervoud. Die omskrywing was veral nuttig waar naamvalle aangedui moes word – iets wat dikwels nie met die leenwoord gedoen word nie. Tog kom daar ook buigingsvorme voor: sabbataus (gen.), sabbate (gen. plur.) ens²¹.

Die omskrywings soos unhulthons habands het waarskynlik as tipe gedien vir ’n uitdrukking soos ubli habands (v 34) wat origens ’n gevaarlike ooreenkoms met die gr. κακως εχοντας verraai.

(b) Invoeginge

Die invoeginge kan drieërlei oorsprong hê: (i) hulle kan van Ulfilas self afkomstig wees, (ii)

¹⁴ Ibid, p 367.

¹⁵ Vgl Stolzenburg, aw, p 175.

¹⁶ Ibid. aw, pp 178–179. Vgl ook Gering, aw, p 395.

¹⁷ Vgl vir die verskillende gevalle Koppitz, aw, pp 458 vv; Gering, aw, pp 302 vv; Grimm, D.G. IV, p 590.

¹⁸ Vgl Streitberg, Wtb., sub voce.

¹⁹ Vgl Koppitz, aw, pp 460–461; Bernhardt, Vulfila, t.p.

²⁰ Wtb. s.v.

²¹ Vgl verder Kauffmann, Zeitschr. 48, p 178; Gaebiger, Zeitschr. 43, p 73.

hulle kan veroorsaak wees deur die parallelle; (iii) hulle kan teruggaan op die ou Latynse vertalings.

(i) Die invoeginge kan moontlik van Ulfilas self afkomstig wees:

(1) In v 7 en 24 word die persoonlike vnw. ingevoeg²². In v 7 moontlik om die kontras tussen sa afar mis en ik te beklemtoon.

(2) In v 12 word sai ingevoeg. Dit gebeur meermale, vlg. Johannes 7: 48 en Markus 10: 33. Sai vestig die aandag op wat onmiddellik daarna meegedeel word²³.

(3) In v 25 is εξελεθε εξ weergegee deur usgagg ut us. Ut is skynbaar 'n toutologiese toevoeging. Dis 'n trek van die got. taaleie wat homself opdring aan 'n "akkurate" vertaler soos Ulfilas. (Vgl Afr. hy gaan uit die huis uit.)

(4) In v 42 is thata en Iesus ingevoeg in die temporale bysin wat die gr. gen. abs. weergee. Volgens Stolzenburg word die naam Jesus dikwels ingevoeg, vgl Markus 4:1²⁴. Streitberg meen dat dit in die Codex Argenteus verwar is met is. (Die afkorting vir Jesus is IS.) Uppström oordeel egter anders²⁵.

(5) In v 44 word ei ingevoeg. Volgens Klinghardt geskeid dit om 'n asyndeton te vermy en is dus bloot kopulatief²⁶. Dit lyk egter aanneemliker om dit te neem in die betekenis van οπως in 'n doelsin. Die Optatief githais wat steeds na ei in sulke doelsinne staan, het hier miskien die invoeging in die hand gewerk²⁷.

(6) Die invoeging van du (bv v 44) waar net gr. dat. staan, is eg Germaans²⁸.

Ons mag aanneem dat ons in hierdie tipe invoeging die spore kan sien van die Germaanse taaleie wat meer onbewus as bewus deurgedring het selfs ten spyte van die beperkinge wat 'n vertaling wat so letterlik as Ulfilas s'n is, gestel het.

(ii) Invoeginge wat onder invloed van die parallelle gemaak is, kan óf van Ulfilas self afkomstig wees en toon dan 'n sekere mate van vryheid t.o.v. die teks voor hom, (Friedrichsen praat van "the translator's sensitiveness to contextual suggestion or implication"²⁹), óf dit kan van latere afskrywers afkomstig wees. In die laaste geval, dan verhoog dit die mate van navolging van die gr. deur die oorspronklike vertaler. In Markus 1 vind ons net twee gevalle: die sa van v 7 waarvoor vroeër reeds gesprek is en sildaleikjandans in v 27, moontlik onder invloed van Matteus 9:33. In albei gevalle is dit egter ook goed moontlik dat die invoeginge ontstaan het sonder die invloed van die parallelle³⁰.

(iii) Die invoeginge wat teruggaan op ou Latynse vertalings is waarskynlik die volgende:

(a) gudis unsaris in v 3 vir αυτου³¹. (Stolzenburg noem ook Esaiin profetau van v 2 'n invoeging onder invloed van Latynse vertalings, maar Streitberg noem 'n hele aantal gr. manuskripte wat die lesing bevat, en neem dit ook in sy Vorlage op.³²).

²² Vgl Stolzenburg, aw, p 185.

²³ Vgl Koppitz, aw, p 45; Bernhardt, Vulfila t.p.; Uppström, Codex Argenteus, t.p.

²⁴ Aw, p 371.

²⁵ Vgl GB, t.p en Codex Argenteus, t.p.

²⁶ Zeitschr. 8, p 156.

²⁷ Vgl Streitberg, Wtb., sub voce; Eb, par 344, 1.

²⁸ Bernhardt, Zeitschr. 13, p 6.

²⁹ Friedrichsen II, p 131; vgl ook pp 241 vv.

³⁰ Vgl Streitberg, GB, t.p. en inleiding, p XLVI; Ook Uppström, Codex Argenteus, t.p. en Bernhardt, Vulfila, t.p. en Kieckers-Dorpat, Chrestomathie, t.p.

³¹ Vgl GB, t.p.

³² Stolzenburg, aw, p 389.

(b) In v 25 word ahma unhrainja as vokatief bygevoeg. Dit kom ook voor in die Itala en die Vulgaat (Moontlik uit Markus 5: 8 oorgedra.)

(c) In v 41 is seina na handu ingevoeg, soos ook 'n hele aantal ou Latynse handskrifte³³. In elk geval is dit 'n soort invoeging wat maklik gemaak kan word.

Soms kan ons aanneem dat die invoeging uit Latyn oorgeneem is omdat die beter by got. aangepas het as die gr. lesing, bv

(d) laisida ins vir εδιδασκεν (v 21). Volgens Streitberg kon dit ook in got. ontstaan het onder invloed van die volgende vers waar beslis van sekere persone sprake is³⁴.

(e) κωμπολεις word in v 38 weergegee met haimom jah baurqim. Dis heel waarskynlik 'n verkeerde ontbinding van die samestelling κωμπολεις, ingevoeg onder die invloed van die Itala en Vulgaat³⁵. Tog bestaan die moontlikheid dat Ulfilas nie 'n goeie got. woord gehad het om κωμπολεις (Marktflecken³⁶) mee weer te gee nie en toe by die Latyn aangesluit het, wat egter 'n totale ander betekenis gee.

(c) Weglatinge:

Ook hier sal weer verskillende invloede ingewerk het.

(i) In v 13 word εκει weggelaat in die vertaling. Dit geskied ook by die Itala, Vulgaat en selfs by die Codex Bezae³⁷. Streitberg laat dit gevolglik uit die Vorlage weg. Dis goed moontlik dat dit nie in die Vorlage gestaan het nie, want Ulfilas stel die lidwoord thisai daar om terug te verwys na authida in v 12 (vgl hoër op.)

(ii) die volgende voorbeelde kan byna nie weglatinge heet nie, omdat hulle suiwer got. taalgebruik weerspieël, waarin buitendien die sin van die gr. volkome uitgedruk word, al is die konstruksie nie identies met die van gr. nie: In v 40 word αυτον weggelaat in die weergawe van γονυπετων αυτον met kniwam knussjands. Vgl Markus 10:17³⁸.

2) In verskillende konstruksies waar gr. 'n begrip herhaal deur samegestelde ww. + voorsetsel, druk got. die begrip net een keer uit: v 21: εισπορευονται εις : galithun in.

v 20: απηλθον οπισω: galithun afor.

v 16: παραγων παρα: hwarbonds faur.

3) Miskien kan ons hier ook die geval van v 35 noem, waar een got. woord uhtwon die gr. εννυχον λιαν weergee³⁹. Dit kan as vrye vertaling geld (vgl AV: nog diep in die nag). Uhtwon = môtreskemering⁴⁰.

³³ Vgl Stolzenburg, ald., G.B. t.p. en Kieckers-Dorpat, Chrestomathie, t.p.

³⁴ Vgl GB t.p. en Kieckers-Dorpat, Chrestomathie, t.p.

³⁵ Stolzenburg, aw, p 389; GB t.p.

³⁶ Strack-Billerbeck, Kommentar II, pp 3–4.

³⁷ Vgl GB t.p.

³⁸ Vgl Streitberg, Wtb., s.v.

³⁹ Vgl Stolzenburg, aw, p 375.

⁴⁰ Feist, Einführung, p 26.

BESLUIT

- (1) In sy weergawe van spesifiek-gr. eienaardighede vertoon Ulfilas 'n deeglike begrip van die materiaal wat hy moes weergee, en 'n sterk mate van selfstandigheid by die oorbring van die sin daarvan in got. Eerbied vir die teks bring soms mee dat hy nie die juiste betekenis in got. kan weergee nie, omdat hy nie wou omskryf nie. In sulke gevalle sluit hy so na as moontlik by gr. aan.
- (2) In die Casus toon Ulfilas 'n groot mate van onafhanklikheid van die gr. teks. Dit kom ook uit in sekere grammatikale verskille tussen gr. en got. wat meestal sintaktiese verskille meebring.
- (3) Ook in sy Woordkeuse toon Ulfilas 'n selfstandigheid, wat veral daarin uitkom dat hy versover moontlik by die Germaanse woord hou. Leenwoorde is beperk in aantal, en voldoen in die reël aan die voorwaarde dat hulle net aanvaar word waar daar geen Germaanse woord kan dien om die bepaalde begrip weer te gee nie. Die betekenisverskille wat tussen gr. en got. aangetoon kon word, kom soms op uit die verskil in woordeskat tussen gr. en got., en is soms miskien die vrug van Ulfilas se teologiese denkbeelde (bv idreiga). In die meeste gevalle verteenwoordig dergelike verskille 'n weergawe wat tekenagtiger is as die gr.
- (4) Al kan ons nie op grond van Mk.1 die beskouinge van Kauffmann, Stolzenburg e.a. t.o.v. die sg. "stylmiddels" onderskryf nie, toon sy woord keuse 'n verfyndheid van smaak en 'n oor vir die natuurlike musikaliteit van die taal (vgl bv die herhaling van us in v 10).
- (5) In elk geval het dit Ulfilas om één ding gegaan: hy wou die sin van die oorspronklike weergee, soos ook blyk uit die bestudering van die sg. "Ausdruck im Wechsel" in Mk.1, en sommige gevalle van omskrywing, invoeging en weglatinge.
- (6) Nogtans is dit nie te ontken nie dat Ulfilas doelbewus baie nou by die Vorlage aangesluit het, soos blyk uit sy woordorde en die weergawe van sekere idiomatiese uitdrukkings.
- (7) Ook die invloed van die ou Latynse vertalings is nie te ontken nie, alhoewel dit nie van soveel belang is as wat soms voorgegee word nie.
- (8) Ook het ons sommige gevalle aangetoon waar Ulfilas se weergawe van die oorspronklike nie geslaag is nie, om welke rede dan ook. Sulke gevalle is egter gering in getal.

Samevattend kan ons dan sê dat Ulfilas se vertaling van Markus een, beskou teen die agtergrond van die tyd waarin en omstandighede waaronder dit ontstaan het, verdienstelik is, omdat dit die sin van die gr. teks so na as moontlik weergee, en duidelike trekke vertoon dat die got, taaleie, op enkele uitsonderings na, tot sy reg kom.

BIBLIOGRAFIE

Die afkorting waaronder die werk aangehaal is, staan agteraan tussen hakies.

1) OOR GOTIES

- (1) Beer, A Beiträge zur Gotischen Grammatik I, gawisan, PBB.43, pp 446–469.
- (2) Beer, A Gab es einen Gotischen nominativus absolutus ? PBB.37, pp 169–171.
- (3) Behaghel, O Deutsche Syntax I – IV, Heidelberg, 1932.
- (4) Bernhardt, E Vulfila oder die Gotische Bibel, Halle, 1875. (Vulfila)
- (5) Bernhardt, E Die Gotische Bibel des Vulfila, Halle, 1884. (Glossarium agterin word aangehaal as gloss.)
- (6) Bernhardt, E Die Partikel ga- als Hilfsmittel bei der Got. Conjugation (Zeitschr. 2, 158–66.)
- (7) Bernhardt, E Ueber den gen partit. nach transitiven verben im Got. (Zeitschr. 2, 292–294.)
- (8) Bernhardt, E Der Gotische Optativ (Zeitschr. 8, 1–38)
- (9) Bernhardt, E Zur Gotischen Syntax (Zeitschr. 9, 383 vv)
- (10) Bernhardt, E Zur Gotischen Casuslehre (Zeitschr. 13, 1–20)
- (11) Bernhardt, E Resensie, Mourek : Ueber den Einfluss der Hauptsatzes auf den Modus des Nebensatzes im Gotischen (Zeitschr. 38, 130–138.)
- (12) Bernhard, O Resensie, Schirmer : Ueber den Gebrauch des Optativs im Got. (Zeitschr.6,485.)
- (13) Bernhard, O Resensie, Lücke : Absolute Participia im got. usw. (Zeitschr. 8, 352 vv)
- (14) Braune, W Gotische Grammatik, 8 Halle, 1912.(Braune.)
- (15) Brugmann, K Kurze vergleichende Grammatik der Indogermanischen Sprachen, Straßburg, 1904
- (16) Delbrück, B Der Germanische Optativ im Satzgefüge (PBB. 29, 201 vv)
- (17) Delbrück, B Beiträge zur germanischen Syntax (PBB. 35, 355 vv)
- (18) Delbrück, B Das Schwache Adjectivum und der Artikel im Germanischen (IF? 26, 187 vv)
- (19) Delbrück, B Zur Stellung des Verbums im Gotischen und Altisländischen (PBB. 35, 359.)
- (20) Erdmann. O Resensie, Burckhardt : Der Got. Conjunktiv usw. (Zeitschr. 4, 455 vv)
- (21) Erdmann, O Resensie, Köhler: Der syntaktische Gebrauch des Optativs im Got. (Zeitschr. 5, 212)
- (22) Feist, S Einführung in das Gotische, Berlin-Leipzig, 1922. (Einführung.)
- (23) Feist, S Vergleichendes Wörterbuch der Gotischen Sprache Leiden, 1936 (Wtb.)
- (24) Friedrichsen, G The Gothic Version of the Epistles, London, 1926 (Friedrichsen I)
- (25) Friedrichsen, G The Gothic Version of the Epistles, London, 1939 (Friedrichsen II.)
- (26) Gaebeler, K Die griechische Bestandteile der got. Bibel (Zeitschr. 43, 1 vv)

- (27) Gering, H Ueber den syntaktischen gebrauch der Participia im Got. (Zeitschr. 5, 294 vv, 393 vv)
- (28) Gering, H Zwei Parallelstellen aus Vulfila und Tatian (Zeitschr. 6, 1–3.)
- (29) Grimm, J Deutsche Grammatik IV (Syntax des einfachen Satzes), Göttingen, 1837. Die uitgawe van 1898 nie beskikbaar nie.(D.G. IV.)
- (30) Helten, W. Van Gab es einen Gotischen Nominativus absolutus? (PBB. 35, 310 vv)
- (31) Heyne-Wrede F. L. Stamms Ulfilas (10) Paderborn, 1903 (Ulfilas)
- (32) Hirt, H Geschichte der Deutschen Sprache (2), München, 1925.
- (33) Jellinck M Geschichte der Gotischen Sprache (Grundriss Germ Philol.) Berlin-Leipzig 1926.
- (34) Kauffmann F Beiträge zur Quellenkritik der Gotischen Bibelübersetzung, (Zeitschr. 29, 306; 30, 145; 31, 178; 32, 305; 35, 433.)
- (35) Kapteijn, J Uebersetzungstechnik der Gotischen Bibel in den Paulinischen Briefen (IF. 29, 260 vv) (Kapteijn)
- (36) Kauffmann, F Der Stil der Gotischen Bibel (Zeitschr. 48, 7 vv; 49, 11–57.)
- (37) Kieckers, E Handbuch der Vergleichenden Gotischen Grammatik, München, 1926 (Kieckers.)
- (33) Kieckers-Dorpat Chrestomathie nebst Glossar. zur Vgl Got. Gram, München 1928 (Chrestomathie)
- (39) Klinghardt, H Die Syntax der Got. Partikel ei (Zeitschr. 8, 127–180; 289 vv)
- (40) Kluge, F Geschichte der Gotischen Sprache. (Pauls Gründriss I, 497 vv) Straßburg, 1901.
- (41) Kluge, F Die Elemente des Gotischen (Grundriss Germ. Philol.), Straßburg, 1911.
- (42) Kogel Germanische Dentalverbindungen (PBB. 7, 171 vv)
- (43) Koppitz, A Gotische Wortstellung, (Zeitschr. 32, 433 vv en 33, 7–45.)
- (44) Lenk, R Die Syntax des Skeireins (PPB. 36, pp 237 vv)
- 45) Lindroth, H Zur Lehre von den Actionsarten, (PBB. 31, pp 239 vv)
- (46) Meer, M. van der Gotische Casussyntaxis I, Leiden, 1901.
- (47) Meer, M, van der Gotische Casussyntaxis II.
- (48) Meer, M, van der Der Gotische Acc. c. Inf. in Subjectsätzen und nach swaei und swe, (PBB. 39, 20)
- (49) Meer, M, van der Gotische Ortsgenitive, (Neophilologusl, pp 263–266.)
- (50) Meer, M, van der Fremdwörter im Gotischen (Neophilol. 14, 286–291.)
- (51) Mensing, O Resensie, H. Winkler: Germanische Casussyntax I (Zeitschr. 30, 548.)
- (52) Pollak, W Studien zum Germanischen Verbum, I Über Actionsarten (PBB. 44, 353 vv)
- (53) Reiss, H Resensie, van der Meer, Got. Cas. I. (Zeitschr. 35, 120 vv)
- (54) Sarauw C Syntaktisches (Zeitschrift für Vergleichende Sprachforschung, 38, 145)

- vv)
- (55) Stamm, F. L. Vorschule zum Ulfila, Paderborn. 1851.
- (56) Streitberg, W Die Gotische Bibel, Erster Teil (G.B.), Zweiter Teil (Wdb.) (2), Heidelberg, 1919.
- (57) Streitberg, W Gotisches Elementarbuch (5 en 6) Heidelberg, 1920. (Eb.)
- (58) Streitberg, W Urgermanische Grammatik Heidelberg, 1896.
- (59) Streitberg, W Perfektive und imperfektive Aktionsart im Germanischen, (PBB. 15, 70–177.)
- (60) Streitberg, W Gotisch (IF. 23, 117.)
- (61) Streitberg, W Resensie, De1brück: Vergleichende Syntax der idg. Sprachen II (IF. Anz. 11, 56 vv)
- (62) Streitberg, W Zum Gotischen Perfektiv (IF. 21, 193–196.)
- (63) Stolzenburg, H Die Uebersetzungstechnik des Wulfila (Zeitschr. 37, pp 145–193; 352 vv) (Stolzenburg)
- (64) Tobler, L. Konjunktionen mit mehrfacher Bedeutung (PBB. 5, 358 vv)
- (65) Trautmann H Zur Gotischen Bibelübersetzung, (Zeitschr. 7, 253 vv)
- (66) Uppström, A Codex Argenteus sive Sacrorum Evangelicorum Versionis Gothicae fragmenta, Upsala, 1854.
- (67) Wright, J Grammar of the Gothic Language, Oxford 1946. (Wright.)

2) OOOR GRIEKS.

- (1) Bauer, W Wörterbuch zum Neuen Testament, (3) Berlin 1937.
- (2) Blas-z-Debrunner Grammatik der Neutestamentlichen Griechisch (7), Göttingen (Blas-z-Debr.)
- (3) Bruce, A The Synoptic Gospels (Expositors Greek Testament) Grand Rapids.
- (4) Brugmann, K Griechische Grammatik (4) bewerk deur A. Thumb München, 1913. (Handbuch der Kl. Altertumswiss, II, 1) (G .G.)
- (5) Chamberlain, W An Exegetical Grammar of the NT, New York 1941
- (6) Dana and Mantey A Manual Grammar of the Greek NT, New York 1930 (Dana- Mantey.)
- (7) Deismann, A Light from the Ancient East, New York, 1927.
- (8) Goodwin, W Syntax of the Moods and Tenses of the Greek Verb, Londen, 1929.
- (9) Groenewald, E. P. Markus, Pretoria 1948.
- (10) Grosheide, F Prof Dr. A. T. Robertson's Beknopte Grammatika op het Grieksche NT, Kampen, 1912.
- (11) Gould, E The Gospel according to St. Mark (Intern. Crit. Comm.) Edinburg (8) 1948.
- (12) Klostermann, E Markus, (Handbuch Zum NT herausgeb. von H Leitzmann II) Tübingen, 1919.
- (13) Michaelis, W Uebersetzungen, Konkordanzen, und Konkordante Uebersetzung des N. T. Basel, 1947.

- (14) Moulten, J A Grammar of New Testament Greek 1, Prolegomena, (3) Edinburg 1949 (Moulten)
- (15) Moulten, W and Geden, A A Concordance to the Greek New Testament (3) Edinburg, 1950.
- (16) Nestle, E, Greek New Testament (16) New York, ongedat.
- (17) Nida, E Bible Translating, New York, 1947.
- (18) Het Nieuwe Testament in zes Nederlandse Vertalingen, Brandt en Zoon, Amsterdam, 1950.
- (19) Pistorius P V. Die Evangelie van Johannes I, Pretoria,1947.
- (20) Pistorius, P V. Enkele opmerkings oor Prof A. S. Geysers se artikel oor die Vertaling van die Evangelie volgens Markus, Die Studiekring, 1, 1, pp 21. vv
- (21) Radermacher, L Neutestamentliche Grammatik (Handb. z. NT herausgegeben van H. Leitzmann I) Tübingen, 1925.
- (22) Sands, P Literary Genius of the NT Oxford 1932.
- (23) Schlatter A Markus, der Evangelist für die Griechen, Stuttgart, 1935.
- (24) Schwyzer, B Griesche Grammatik (Handbuch der kl. Altertumswiss. II, 2) München
- (25) Smyth, H A Greek Grammar for Colleges, New York, 1920.
- (26) Stier und Theile Des Neue Testament, Polyglotten-Bibel 4 (5)
- (27) Strack-Billerbeck Kommentar zum NT aus Talmud und Midrasch, München, 1924.
- (28) Thayer, J. H. Grimm's Wilke's Clavis Novi Testamenti, vertaal en verwerk tot: A Greek-English Lexicon of the NT, Edinburgh. 1890 (Grimm-Thayer)
- (29) Winer, G A Grammar of the NT Diction, Vertaal deur E. Masson, Edinburg, 1861 (Winer I)
- (30) Winer, G.B. A Treatise on the Grammar of the NT Greek, vertaal deur W. Moulten, (8) Edinburg, 1877.

2) ALGEMEEN.

- (1) Acket, J. M. Uit mijn Praktijk (De Nieuwe Taalgids VI, pp.167 vv en 248 vv)
- (2) Boer, R Oergermaansch Handboeken, (2) in reeks Oudgerm. Handboeken, Haarlem. 1924.
- (3) Kluyver, A Perfective Vormen in het Middelnederlandsch (De Nieuwe Taalgids IX, pp 50 vv)
- (4) Kritzinger, Labuschagne e.a. Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2),.Pretoria, 1947.
- (5) Lecoutere-Grootaers Inleiding tot de taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlands (6) Groningen, 1948.
- (6) Le Roux en Le Roux Middelnederlandse Grammatika (2) Pretoria, 1945.
- (7) Scholtz, H. v.d. M Taal en Taalverskynsels, Noscitur a sociis. Pers, 1940.
- (8) Swaay, H. van De Actionsart en de Prefixen I (Taal en Letteren 13, pp 511 vv)
- (9) Valkhoff, AP Over Vertaalkunst (Taal en Letteren 14, pp 65 vv)

- (10) Verwijs en Verdam Middelnederlands Woordenboek, 's Gravenhage, sedert 1885.
- (11) Villiers, M. de Woordsoorte, Werkwoorde en Tye, Nas. Pers, 1948.